

RES 8

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

DIE REHABILITASIE VAN  
BLANKEJEUGOORTREDERS

*'n Opvolgstudie van 'n  
groep oud-leerlinge van  
die Constantia-verbetering-  
skool van 1946-1953*

*Deur*

J. M. Lötter

NAVORSINGSREEKS Nr. 8

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

G.P.-S.1603880-1961-62-300.

001.3072068 NBSR  
RES 8

Klasnr./Class No.

Registrernr./No.

001.3072068

NBSR

37098/5

RES 8

**RGN**

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

**BIBLIOTEEK  
LIBRARY**

**HSRC**

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



RGN-BIBLIOTEK  
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

DEPAR

17 MAR 1978  
8 Sept 78  
9/7

WETENSKAP

DERS

J. M. LUTIER

Senior Vakkundige Beampte

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

Navorsingsreeks Nr. 8

0000614222



2844363866



001.3072068 NBSR RES 8



\* 0 6 1 4 2 2 \*

VOORWOORD

Die huidige ondersoek is die tweede in 'n reeks wat deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing aangepak is met die doel om die resultate te bepaal wat met die behandeling van jeugoortreders in die Suid-Afrikaanse verbeteringskool behaal word. 'n Verslag, Die Rehabilitasie van Bantoejeugoortreders (Nr. 6 van die Buro se Navorsingsreeks), het reeds verskyn. Verdere navorsing op hierdie gebied word tans onderneem.

Die doel van die onderhawige ondersoek is hoofsaaklik om te bepaal welke persentasies van die oud-leerlinge van die Constantia-verbeteringskool vir Blanke Manlike jeugoortreders, vyf jaar na verlating van die inrigting, onderskeidelik as suksesse en mislukkings geklassifiseer kan word. Hierbenewens word die agtergrond van die oortreders kortliks geskets en hierdie agtergrondsfaktore word ontleed om te bepaal watter faktore met sukses en watter met mislukking verband toon.

Die Buro wil graag sy dank en waardering teenoor die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro uitspreek. Sonder die samewerking van laasgenoemde Buro sou die ondersoek bykans onmoontlik gewees het. Tweedens ook 'n woord van dank en waardering aan die prinsipaal en personeel van die Constantia-verbeteringskool vir hul geredelike samewerking.

Alle name in die teks is  
denkbeeldig.

*Am. Louw*  
DIREKTEUR.

14 April 1961.

**RGN**

**BIBLIOTEEK  
LIBRARY**

**HSRC**

1978-1-19

STANDKODE	REGISTERNUMMER	
001.3072068	NBSR RES 8	
BESTELNUMMER 0/V	37098	5

## INHOUDSO

BLADSY

<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>INLEIDING</b>	
	1. Die keuse van die onderwêrp en die doel van die ondersoek	1
	2. Die ondersoekgroep	2
	3. Die metodes van ondersoek en die versameling van die gegewens	2
	4. Die indeling van die verslag	3
	5. Begripsbepaling	3
<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VERBETERINGSKOOLO VIR BLANKE MANLIKE JEUGOORTREDERS IN SUID-AFRIKA EN DIE BEHANDELINGSMETODES VAN DIE CONSTANTIA-VERBETERINGSKOOLO</b>	
	1. Die ontstaan van die Constantia-verbeteringskool	4
	2. Die rehabilitasieprogram	6
	3. Samevatting	10
<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>DIE GESINSAGTERGROND VAN BLANKE JEUGOORTREDERS VAN DIE CONSTANTIA-VERBETERINGSKOOLO</b>	
	1. Huistaal	11
	2. Kerkverband	12
	3. Gesinsgrootte	13
	4. Die geboorterangnommer	14
	5. Buite-egtelikheid	15
	6. Die gesinsonvolledigheid en stiefouerverhoudings	15
	7. Die ekonomiese peil	19
	8. Die sedelike peil van die ouers	20
	9. Samevatting	23
<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>DIE BUIE-HUISLIKE MILIEU</b>	
	1. Die woonplek	25
	2. Die buurt	27
	3. Onderwyspeil en intelligensie	29
	4. Beroepsarbeid	31
	5. Samevatting	33

(iii)

HOOFSTUK 5	WA	STRAF EN BEHANDELING VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL	
	1.	Anti-sosiale gewoontes	34
	2.	Onbeheerbaarheid	37
	3.	Misdaad	38
	4.	Bestrawwing deur die howe weens misdaad	40
	5.	Inrigtingsversorging	43
	6.	Samevatting	44
HOOFSTUK 6		VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL	
	1.	Opneming in of verwysing na die verbeteringskool	46
	2.	Misdaad wat tot verwysing gelei het	47
	3.	Oorplasing	51
	4.	Samevatting	52
HOOFSTUK 7		DIE OORTREDER IN DIE VERBETERINGSKOOL	
	1.	Die ouderdom by verwysing	54
	2.	Gedrag en vordering	54
	3.	Inrigtingsoortredings	56
	4.	Weglopery	57
	5.	Mislukte uitplasing met vergunning	60
	6.	Finale verlating van die inrigting	61
	7.	Samevatting	63
HOOFSTUK 8		SUKSES EN MISLUKking VAN DIE OORTREDERS NA VERLATING VAN DIE INRIGTING	
	1.	Beperkings en vraagstukke by die opstel van kriteria van sukses en mislukking	65
	2.	Die kriteria	67
	3.	Die bevindings in die lig van die kriteria	70
	4.	Die bevindings van ander ondersoekers in verband met sukses en mislukking na verbeteringskoolbehandeling	72
	5.	Samevatting	73

<b>HOOFSTUK 9</b>	<b>DIE MISDAADPATROON VAN DIE RESIDIVISTE</b>	
	1. Die omvang van misdaad na verlating van die verbeteringskool	74
	2. Die tydperk tussen verlating van die inrigting en die eerste skuldigbevinding na ontslag volgens die kriteriumgroepe van mislúkking en gedeeltelike sukses	75
	3. Die tydperk tussen verlating van die inrigting en die eerste skuldigbevinding na ontslag volgens die wyse waarop die inrigting verlaat is	75
	4. Samevatting	77
<b>HOOFSTUK 10</b>	<b>DIE VERBAND TUSSEN DIE FAKTORE EN SUKSES EN MISLUKKING</b>	
	1. Faktore wat met sukses en mislukking verband toon	78
	2. Faktore wat geen verband met sukses en mislukking toon nie.	81
	3. Faktore waar seleksie 'n rol speel	83
	4. Samevatting	84
<b>BYLAE 1</b>	<b>DIE BEPALING VAN VERBAND: PROBLEME EN DIE TEGNIEK</b>	
	1. Die Probleem	85
	2. Die Tegniek	86
<b>BYLAE 2</b>	<b>DIE CHI-KWADRAATBEREKENINGS OM VERBAND TUSSEN FAKTORE EN SUKSES EN MISLUKKING TE BEPAAL (OPSOMMEND)</b>	
		87
<b>BYLAE 3</b>	<b>DIE GEGEWENS (FAKTORE) TEN OPSIGTE VAN DIE OORTREDERS VOLGENS DIE KRITERIUMGROEPE VAN SUKSESSE, MISLUKKINGS EN ONSEKERES VERSPREI</b>	
		89
<b>LITERATUURLYS</b>		106



## HOOFSTUK I

## INLEIDING

## 1. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP EN DIE DOEL VA

Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (hierna die Buro genoem) het die huidige ondersoek in opdrag van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, van welke Departement die Buro 'n deel is, in 1957 aangepak. Die Departement was veral geïnteresseerd in die mate van sukses wat daar met die behandeling van die geharde jeugoortreder in die Constantia-verbeteringskool behaal word.

'n Voorstel van die Buro dat die ondersoek uitgebrei moet word om ook 'n aanduiding van die agtergrond van die verbeteringskoolleerling, sy gedrag, straf en behandeling voor verwysing na die verbeteringskool, sowel as gegewens oor sy vordering en gedrag in die inrigting, in te sluit, is aanvaar, want die doeltreffendheid van enige straf- of rehabilitasie-inrigting kan slegs beoordeel word as daar kennis bestaan oor die materiaal waarmee 'n dergelike inrigting moet werk. Dit is duidelik dat geharde oortreders moeiliker as eerste-oortreders sal rehabiliteer - mits alle ander omstandighede natuurlik as gelyk veronderstel word.

Vervolgens sou daar ook vasgestel word of daar enige verband bestaan tussen sukses en mislukking en die faktore of omstandighede wat op die oortreder betrekking het.

Samevattend is die doelstelling dus soos volg:

- (a) om vas te stel welke persentasie van die oortreders onderskeidelik as suksesse en as mislukkings beskou kan word;
- (b) om vas te stel wat, onder andere, die agtergrond, die gedrag, behandeling en straf voor verwysing sowel as vordering en gedrag van die jeugoortreders binne die inrigting was;
- (c) om vas te stel of enige van die faktore onder (b) hierbo genoem, verband met sukses en mislukking toon.

Hierdie ondersoek na die rehabilitasie van Blanke manlike jeugoortreders wat in die Constantia-verbeteringskool behandel is, is een van 'n reeks van soortgelyke projekte wat deur die Buro aangepak is. Die verslag van 'n ondersoek na die Bantoe manlike oortreders wat in die Diepkloofverbeteringskool (sedertdien gesluit) behandel is, het reeds verskyn.<sup>1)</sup> Daar word tans aan ander projekte in hierdie verband gewerk.

---

<sup>1)</sup>Venter, J. D.: Die Rehabilitasie van Bantoejeugoortreders.

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks nr. 6, 1960.

## 2. DIE ONDERSOEKGROEP

Alle oortreders, behalwe oortreders wat uit die Federasie van Rhodesië en Njassaland afkomstig is, en wat die inrigting tussen 1 Januarie 1946 en 31 Desember 1953 - op welke wyse ookal - finaal verlaat het, is by die ondersoekgroep ingesluit. Die ondersoekgroep het op 544 oortreders te staan gekom.

Hierdie twee grensdatumms is om die volgende redes gekies:

- (a) Aangesien daar op 'n opvolgtydperk van 5 jaar besluit is, en geraam is dat die ondersoek so sou vorder dat die misdaadrekords (S.A.P. 69) aan die begin van 1959 by die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro aangevra sou kon word, is besluit om geen gevalle wat die inrigting na 31 Desember 1953 verlaat het, in te sluit nie.
- (b) Aangesien ten minste 500 gevalle in die ondersoekgroep verlang is, en dit bereken is dat die leerlinge wat die inrigting oor 'n tydperk van 8 jaar verlaat het, die verlangde getal sou lewer, is daar op die eerste datum, naamlik 1 Januarie 1946, besluit.

## 3. DIE METODES VAN ONDERSOEK EN DIE VERSAMELING VAN DIE GEGEWENS

Soos in die geval van baie ander ondersoeke na die mate van sukses wat deur 'n straf- of behandelingsprogram met oortreders behaal word, is die huidige ondersoek beplan en deurgevoer nadat die gevalle wat by die ondersoekgroep ingesluit is, reeds lank die inrigting verlaat het en geen persoonlike kontak - met die oog op verkryging van gegewens terwyl die oortreder nog aangehou word - was dus moontlik nie. Indien dergelyke kontak moontlik sou gewees het, sou die ondersoek veel gebaat het dog dit was onmoontlik as die tydsfaktor in aanmerking geneem word. Aangesien die verlatings oor agt jaar 'n voldoende ondersoekgroep lewer, en die opvolgperiode oor 'n verdere 5 jaar strek, sou so 'n ondersoek oor meer as 13 jaar moes strek.

Kontak met die oortreders na verlating van die inrigting was ewe onmoontlik. Diegene wat in die gevangnisse of werkkolonies was, sou 'n geselekteerde groep uitgemaak het, terwyl die res, 5 tot 13 jaar na verlating van die inrigting, beswaarlik opgespoor sou kon word.

Die enigste bronne waaruit gegewens gehaal kon word, was dus die persoonlike lêers van die oortreders wat deur die inrigting, en die misdaadrekord (S.A.P. 69) wat deur die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro gehou word.

Die persoonlike lêers het hoofsaaklik die volgende bevat:

Proefbeampte-verslae, notules van hofverrigtings, 'n rekord van inrigtings-oortredings, vordering en gedrag in die verbeteringskool, korrespondensie met die ouers, verslae oor die gedrag van die oortreder na uitplasing, ens.

Die misdaadrekord dui die volgende gegewens vir elke skuldigbevinding aan: die datum van skuldigbevinding, die naam waaronder die oortreder voor die hof verskyn het, die plek waar die verhoor plaasgevind het, die aard van die oortreding, die aantal aanklagte en die vonnis wat opgelê is.

As eerste stap is die persoonlike lêer wat die verbeteringskool van elke oortreder daarop nahou, bestudeer en die verlangde gegewens is op 'n skedule aangebring. Vervolgens is die nodige gegewens ook vanaf die misdaadrekord op die skedules aangebring. Hierdie rekords is ook gebruik om elke oortreder, volgens die kriteria wat noukeurig in hoofstuk 8 bespreek word, te klassifiseer.

Die metode wat gebruik is om vas te stel welke van die faktore of omstandighede met sukses en mislukking verband hou, word in hoofstuk 10 bespreek.

#### 4. DIE INDELING VAN DIE VERSLAG

In hoofstuk 2 word die ontstaan van die verbeteringskool in Suid-Afrika kortliks bespreek. 'n Saaklike bespreking van die heropvoedingsprogram word ook gegee.

In hoofstukke 3 en 4 word die huislike sowel as die buite-huislike milieu bespreek, terwyl daar in hoofstuk 5 gewys word op die wangedrag van die jeugoortreders voor verwysing, die straf wat deur die howe opgelê is en ook op inrigtingsversorging wat ontvang is.

Die verwysing van die jeugoortreder na die verbeteringskool word in hoofstuk 6 beskryf. Daar word ook veral na die misdaad wat tot verwysing gelei het, verwys. In hoofstuk 7 verskyn gegewens oor die oortreder in die verbeteringskool soos byvoorbeeld sy gedrag en vordering. Gegewens oor die omvang van sukses en mislukking sowel as die kriteria wat gebruik is om sukses en mislukking te bepaal, word in hoofstuk 8 bespreek. Die misdaadpatroon van die residiviste volg in hoofstuk 9.

Hoofstuk 10 handel oor faktore wat moontlik met sukses en mislukking verband hou. Ten einde hierdie laaste hoofstuk nie onnodig lank en gekompliseerd te maak nie, verskyn daar 3 bylaes wat veral betrekking op hierdie hoofstuk het. Die doel van hierdie bylaes word dan ook in dié hoofstuk bespreek.

#### 5. BEGRIPSBEPALING

In hoofstuk 8 verskyn 'n omskrywing van die begrippe "sukses" en "mislukking" soos dit vir die doeleindes van die ondersoek gebruik is.

## HOOFSTUK 2

### DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VERBETERINGSKOOL VIR BLANKE MANLIKE JEUGOORTREDERS IN SUID-AFRIKA EN DIE BEHANDELINGSMETODES VAN DIE CONSTANTIA-VERBETERINGSKOOL

#### 1. DIE ONTSTAAN VAN DIE CONSTANTIA-VERBETERINGSKOOL <sup>1)</sup>

Gedurende die negentiende eeu het 'n hele paar state soos byvoorbeeld die V.S.A. en Duitsland verbeteringskole opgerig. Die doel met hierdie inrigtings was om die jeugoortreder van die volwasse oortreder te skei en om fasiliteite vir heropvoeding te skep.

In Suid-Afrika is die oprigting van verbeteringskole vir die eerste keer deur die „Reformatory Institutions Act" van die Kaapkolonie in 1879 gewettig. In 1882 het 'n inrigting op die Valkenberg-landgoed, digby Kaapstad, die eerste 22 oortreders opgeneem. Hierdie ontwikkeling is geïnspireer deur William Porter, eertydse prokureur-generaal van die Kaapkolonie wat die bedrag van £20,000 vir die oprigting van 'n verbeteringskool bemaak het.

Die inrigting sou nie lank op die Valkenberg-landgoed bly nie. Toe daar besluit is om sielsiekes daar te huisves, is die jeugoortreders na die Tokai-landgoed oorgeplaas.

Die Staat, wat intussen beheer oor die inrigting oorgeneem het, het lewendige belangstelling in die nuwe eksperiment getoon. Amendemente op die oorspronklike „Reformatory Institutions Act" en die aanbevelings van gekose komitees het daartoe gelei dat die administrasie en behandelingsmetodes aan die inrigting verbeter het. Onder andere is bepaal dat die maksimum ouderdom van aanhouding van sestien na agtien jaar opgeskuif moet word (1882); nywerheidsopleiding is aanbeveel (1885) en daar is gevra dat Blankes en Kleurlinge snags van mekaar geskei moet word (1891). Ten spyte van verbeterings het vooruitgang in die praktyk, grootliks as gevolg van 'n gebrek aan doeltreffende geboue en opgeleide personeel, langsaam plaasgevind.

Na die Anglo-Boere-oorlog het al vier die provinsies van die latere Unie asook Rhodesië vergunning ontvang om jeugoortreders na die verbeteringskool te Tokai te stuur. In 1906 is daar egter wetgewing in Transvaal aangeneem wat gelei het tot die oprigting van 'n verbeteringskool vir Blankes by Emmasdal, Heidelberg. In 1912 is die oortreders te Emmasdal na Houtpoort, ook naby Heidelberg, oorgeplaas.

Na unifikasie het die belangrike Wet Nr. 13 van 1911 gevolg. Hierin word bepaal dat verskillende rasse in die verbeteringskole geskei moet word en daar word

5/....

<sup>1)</sup> Gegewens vir hierdie bespreking is hoofsaaklik uit twee werke, naamlik dié van D.J. Steenkamp (15, bl. 1-17) en I. Z. Engelbrecht (5, bl. 16-26) onderskeidelik, verkry.

ook voorsiening vir twee tipes verbeteringskole gemaak; een vir jeugoortreders en een vir jeugdige volwasse oortreders.

Rasseskeiding tussen oortreders is moontlik gemaak deur die oorplasing van die Blanke oortreders (die jonger groep) vanaf Tokai na Houtpoort. Die jeugdige volwassenes waarvoor daar ook nou voorsiening gemaak moes word, is na die Breekwatergevangenis gestuur, terwyl die volwasse oortreders in hierdie laasgenoemde inrigting na die Roelandstraatgevangenis oorgeplaas is.

Toestande in hierdie inrigtings was nog alles behalwe ideaal. Die oortreders moes nog met houtlepels uit blikborde eet omdat messe en vurke as gevaarlike wapens beskou is. Die hare is afgesny, harde werk was aan die orde van die dag en swaar strawwe is vir die verbreking van die talle regulasies opgelê.

In 1922 is besluit om die gevangenis te Tokai <sup>1)</sup> te sluit en om die bestaande fasiliteite as 'n verbeteringskool vir Blankes te gebruik. Die jeugdige volwassenes kon nou uit die ongunstige omstandighede in die ou Breekwatergevangenis na die landelike omgewing van Tokai oorgeplaas word.

Intussen het ander verbeteringskole ook tot stand gekom, naamlik die Diepkloofverbeteringskool vir Bantoejeugoortreders en 'n inrigting vir Bantoe dogters by Estcourt.

Die verbeteringskool te Tokai is in 1934 deur die Departement van Unie-Onderwys (tans die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) van die Departement van Gevangenisbeheer oorgeneem. Eersgenoemde Departement het die individuele behandeling van die oortreder ten doel gestel en die benadering sou voortaan van die ou en meer onderdrukkende metodes wat nog altyd gegeld het, verskil (28, bl. 15). Ten spyte van hierdie beleidverklaring was dit egter 'n uiters moeilike taak om die ou gevangenisatmosfeer af te breek en met iets meer positiefs te vervang. Die geboue was nog steeds ondoeltreffend en daar was 'n groot tekort aan opgeleide personeel. Verbetering het egter met verloop van tyd gekom toe sielkundiges en meer opgeleide onderwysers en instruksie-aangesteltes is en die fasiliteite en behandelingsmetodes verbeter is.

In 1942 is die verbeteringskool by Houtpoort omskep in 'n nywerheidsskool en die inrigting by Tokai het die enigste verbeteringskool vir die behandeling van Blankejeugoortreders geword.

In 1944 is die Blanke- en Kleurlingafdelings van die Tokai-verbeteringskool geskei. Elke afdeling sou voortaan sy eie prinsipaal hê. Die Blanke afdeling sou die Constantia-verbeteringskool heet.

6/.....

---

<sup>1)</sup> Benewens die bestaande verbeteringskool was daar ook 'n gevangenis te Tokai.

## 2. DIE REHABILITASIEPROGRAM (15, bl. 50-164)

Die rehabilitasieprogram van die Constantia-verbeteringskool is op die hervorming van die hele persoonlikheid van die oortreder gerig. Nie alleen is dit nodig dat kennis en vaardigheid met die oog op doeltreffender mededinging op die arbeidsmark ingeskerp word nie, dog die hele lewensuitkyk moet in positiewe kanale gestuur word.<sup>1)</sup>

### 2.1 Skolastiese opheffing

Dit was vir die verbeteringskool nodig om 'n eie onderwysplan te ontwerp wat nie alleen die doeltreffendste in die omstandighede sou funksioneer nie, dog ook die talryke praktiese probleme waarmee die onderwys in 'n verbeteringskool te kampe het, sou oorkom.

Hierdie probleme lê eerstens in die sterk antipatie wat die oortreder teen onderwys het. Die skool het vir baie die simbool van verveling en frustrasie geword en wat met groot moeite aangeleer is, is reeds vergeet sedert die skool laas bygewoon is. Die oortreders beskou hulleself ook as volwassenes en skoolgaan as iets wat vir kinders daargestel is. Hierdie antipatie teen skoolwerk blyk uit die feit dat die jeugoortreder gewoonlik ook 'n stokkiesdraaier was. Dit verg voorwaar veel vaardigheid en toegewydheid van die onderwyser om hierdie antipatie af te breek.

Daar is egter ook praktiese probleme soos die heterogeniteit van die materiaal wat in dieselfde klas onderwys ontvang. Daar bestaan byvoorbeeld aansienlike ouderdomsverskille onder die leerlinge (soms 6 jaar en meer) wat in dieselfde klas aangetref word; die oortreders is van beide taalgroepe; die intelligensie wissel van uiters swak tot redelik goed en dan word ongetwyfeld 'n groter verskeidenheid skryf-, lees-, en rekenprobleme as wat in die gewone skool aangetref word, gevind. Soos enige onderwyser sal getuig, is dit uiters moeilik om met 'n heterogene groep kinders te werk.

Ten slotte is daar die vraagstuk van ongelyke toelating. Waar die gewone skool feitlik al die leerlinge aan die begin van die jaar inskryf en almal gelyktydig die betrokke leerplanne aandurf, kry die verbeteringskool sy leerlinge dwarsdeur die jaar, en om van die oortreders wat nie aan die begin van die jaar toegelaat is nie te verwag dat hulle moet inhaal wat die res van die klas reeds sedert die begin van die jaar afgehandel het, sou onmoontlik wees.

Om hierdie probleme op te los en om 'n onderwysstelsel daar te stel wat spesifiek in die behoeftes van die oortreders voldoen, is 'n onderwysplan opgestel wat met die Jena- en die Daltononderwysplan ooreenkoms vertoon.

7/.....

1)

Die rehabilitasieprogram wat bespreek word, geld vir die jare waartydens die oortreders in die ondersoekgroep in die inrigting was.

Vir elke vak is daar 'n vaklokaal met 'n onderwyser wat hoofsaaklik in raadewende en kontrollerende hoedanigheid optree. 'n Leerling is nou nie aan 'n spesifieke rooster onderworpe nie, dog kan aan die vak werk waaraan hy graag wil. Word hy vir die vak moeg, kan hy op gesette tye na 'n ander vaklokaal gaan. Van klasse in die gewone sin van die woord is daar dus geen sprake nie en in een vaklokaal mag daar leerlinge van verskillende standerds wees.

Die leerplan vir elke vak in elke standerd bestaan uit 40 gegradeerde en gesistematiseerde take; elk waarvan, sover moontlik, 'n volledige eenheid uitmaak. Dit is so opgestel dat 'n leerling met normale intelligensie een taak per week per vak kan voltooi. Die leerplan vir elke vak kan dus in die bestek van een jaar deurgewerk word.

Vir die primêre standerds is dit wenslik geag om die klasindeling te behou, aangesien hierdie leerlinge erg vertraag is en baie individuele aandag vereis. Ook hier werk die leerlinge aan take en is daar geen sprake van 'klasonderrig in die gewone sin van die woord nie.

Benewens onderwys in die laer standerds kan die oortreders van st. VI- tot st. X-sertifikate in 'n verskeidenheid rigtings soos byvoorbeeld Handel en Boukunde verwerf.

## 2.2 Vakopleiding

Soos in seker alle verbeteringskole, word daar in die Constantia-verbeteringskool besondere aandag aan die vakopleiding van die jeugoortreder geskenk. Die doel van vakopleiding is tweërlei; eerstens verskaf dit die vaardigheid en kennis wat suksesvolle mededinging op die arbeidsmark moontlik maak en tweedens het skeppende hande arbeid opvoedkundige en psigies-terapeutiese waarde. In die werkwinkel leer die oortreder dan ook inisiatief, akkuraatheid, volharding en verantwoordelikheid. Die lewering van iets konkreet, iets nuttigs of iets moois, help om die leerling se ego te versterk en sy sin vir eie waarde op te bou, en emosionele spanning word afgelei deur die verbruik van fisiese energie.

Na toelating tot die verbeteringskool word elke leerling toegelaat om vir twee weke homself te oriënteer ten opsigte van die fasiliteite wat die inrigting aanbied. Gedurende hierdie tydperk word verskillende toetse van hom afgeneem soos 'n belangstellingstoets, 'n intelligensietoets en 'n persoonlikheidstoets. Met die hulp van die vise-prinsipaal, die sielkundige en die instruktors, kies hy dan 'n rigting waarin hy belangstel. Waar dit blyk dat sy vordering nie na vermoë is nie, word hy na 'n ander werkwinkel oorgeplaas.

Opleiding word in die volgende rigtings aangebied:

1. Loodgieterswerk en plaatmetaalwerk.
2. Pas- en draaiwerk.
3. Skrynwerk.

4. Messel- en bouwerk.
5. Verf- en versierwerk.
6. Stoffeerwerk.

Leerlinge word in groepe A en B ingedeel. As die A-groep op skool is, dan is die B-groep in die werkwinkel. Elke groep is dus in alternatiewe weke in die werkwinkel. Soos in die skool, werk die leerlinge aan 'n gegradeerde taakstelsel. Wanneer die basiese beginsels van die ambag bemeester is, word leerlinge toegelaat om aan groter modelle te werk en om dan werk in diens van die inrigting self te lewer. Laasgenoemde werk word verkies bo die bou van modelle. Baie van die geboue van die verbeteringskool is dan ook deur die leerlinge self gebou.

### 2.3 Sielkundige behandeling

Voor April 1953 het die verbeteringskool oor die dienste beskik, maar op hierdie datum is daar 'n tweede aangestel. Daar is geen psigiater aan die inrigting verbonde nie, dog oortreders word soms vir observasie en behandeling na die Valkenberg-inrigting vir sielsiekes gestuur.

Die pligte van die sielkundige afdeling is soos volg:

1. Die afneem van sielkundige toetse.
2. Die kliniese bestudering van alle nuwe gevalle wat toegelaat word en 'n tentatiewe formulering van probleme.
3. Die opstel van sesmaandelikse en jaarlikse statistiek.
4. Alle korrespondensie wat in verband met uitgeplaaide leerlinge staan.

Intelligensie word gemeet met 'n groeptoets (die oortreders wat by die ondersoek betrek is, is nog met die Ou Suid-Afrikaanse Groeptoets getoets). Ander toetse wat gebruik word, is onder andere die Koh-blokkietoets, die C.V.-Belangstellingsvraelys en die Johnson Temperamentsanalise.

Volgens D.J. Steenkamp word die volgende tegnieke by die sielkundige behandeling van die leerlinge aangewend:

Die terapeutiese onderhoud („treatmental interview“), konstruktiewe psigo-terapie, psigo-analitiese terapie en hipno-analitiese terapie.

### 2.4 Liggaamlike opvoeding en mediese behandeling

Die verbeteringskool skenk ook aandag aan die fisiese gesteldheid van die oortreder. Alhoewel die meeste oortreders by toelating redelik gesond is, word daar gepoog om hulle gesondheid verder te verbeter. Oortreders wie se gesondheid nie na wense is nie of oortreders wat fisiese gebreke het, ontvang spesiale aandag. Soms word duur operasies uitgevoer waar dit blyk dat gebreke tot gevoelens van minderwaardigheid, wat die rehabilitasie van die oortreder mag bemoeilik, lei.



By opname in die inrigting word die oortreder aan 'n deeglike mediese ondersoek onderwerp en 'n mediese rekord word vir hom aangelê. Verder besoek 'n dokter die inrigting daaglik om siekes te behandel en behandeling voor te skryf, terwyl alle leerlinge elke ses maande aan 'n roetine mediese en tandheelkundige ondersoek onderwerp word. Die inrigting beskik ook oor die dienste van 'n opgeleide manlike verpleër.

Voeding geniet ook besondere aandag. Die kos moet nie alleen genoeg en smaaklik wees nie, maar dit moet ook die noodsaaklike voedingstowwe bevat. Die kombuisafdeling staan onder beheer van 'n dieetkundige.

By toelating tot die inrigting het die meeste oortreders geen sin in sport, liggaamsoefeninge en selfs spele nie, en dit verg veel om die belangstelling in hierdie rigting aan te wakker. Benewens die tyd wat vir spele en sport beskikbaar is, doen elke seun vir twee uur per week formele liggaamsoefeninge. Diegene wat, in opdrag van die dokter, spesiale korrektiewe liggaamsoefeninge moet ontvang, kry dergelyke oefeninge vir 'n halfuur per dag.

Daar bestaan aansienlike fasiliteite vir die beoefening van sport soos byvoorbeeld 'n rugbyveld, krieketveld, tennisbane, jukskeibane en 'n swembad.

## 2.5 Kulturele bedrywighede, ontspanning en godsdiens

Dit is duidelik dat die meeste oortreders by toelating tot die inrigting aan ongesonde vryetydsbesteding voorkeur gee en dat kulturele bedrywighede aan die meeste onbekend is. Ten einde hierdie leemte aan te vul, word voorsiening vir positiewe vryetydsbesteding en kulturele bedrywighede gemaak. In 1951 is daar dan ook 'n jeugvereniging gestig, die leerlinge het twee toneelstukke op die planke gebring en 'n orkes is ook in stand gehou. Amateurgroepe wat toneelstukke en verskeidenheidsprogramme aanbied, besoek die inrigting dikwels en dan word daar ook drie opvoedkundige rolprente per week en 'n vermaaklikheidsrolprent al om die ander week vertoon. Die inrigting beskik verder oor 'n goeie biblioteek en daar word gereeld uitstappies na besienswaardige plekke in die Skiereiland onderneem.

Godsdiens word ook nie verwaarloos nie. Oggend- en aandgodsdiens word gereeld deur koshuisvaders van die onderskeie koshuise gehou, terwyl daar vir almal Maandagoggende godsdiens in die saal gehou word. Leerlinge wat reeds vir ten minste drie maande in die inrigting is en wie se gedrag goed is, word toegelaat om op alternatiewe Sondae hulle onderskeie kerke te besoek. Vir die wat agterbly, word daar in die inrigting 'n diens gehou. Sondagaande word geestelike liedere gesing. Leerlinge wat hulle in die Rooms-Katolieke en Engelse kerke wil laat aanneem, word vir aanneming deur die betrokke priester en predikante voorberei, terwyl diegene wat hulle in die Afrikaanse kerke wil laat aanneem, deur die prinsipaal persoonlik onderrig word

### 3. SAMEVATTING

Sedert sy nederige begin in die vorige eeu, het die verbeteringskoolwese in Suid-Afrika reeds ver gevorder, nie alleen wat die fasiliteite betref nie, dog ook in die hele benaderingswyse tot die jeugoortreder.

Die rehabilitasieprogram aan die Constantia-verbeteringskool - enig in sy soort vir Blanke manlike jeugoortreders in Suid-Afrika - sluit onder andere die volgende in: skolastiese opheffing, vakonderrig, mediese en sielkundige behandeling, liggaamlike opvoeding en algemene kulturele onderrig.

### HOOFSTUK 3

#### DIE GESINSAGTERGROND VAN BLANKE JEUGOORTREDERS VAN DIE CONSTANTIA-VERBETERINGSKOOL

In hierdie hoofstuk word daar gewys op sekere omstandighede in die gesinsmilieu van die oortreders wat gewoonlik met misdaad in verband gebring word. Hierdie omstandighede is egter nie die enigste wat misdaad veroorsaak nie, dog dit skep weer ander probleme - veral psigiese probleme - wat tot jeugwangedrag kan lei.

Bloot vir beskrywende doeleindes word die hoofstuk deur afdelings oor die huistaal en godsdiensoor tuiging van die oortreders ingelei.

#### 1. HUISTAAL

Soos blyk uit tabel 1, was 61.9 persent van die oortreders Afrikaans- en 35.8 persent Engelssprekend.

TABEL I: DIE HUISTAAL VAN DIE OORTREDERS

Huistaal	Persentasie	Getal
Afrikaans	61.9	337
Engels	35.8	195
Duits	0.6	3
Italiaans	0.4	2
Grieks	0.2	1
Slawies	0.2	1
Portugees	0.2	1
Onbekend	0.7	4
Totaal	100.0	544

Volgens amptelike statistiek vir die jaar 1950 was daar in die totale Blanke bevolking van die Unie 57.31 persent Afrikaans- en 39.36 persent Engelssprekendes (27, bl. 1187). Op hierdie basis van vergelyking, is Afrikaanssprekendes onder die jeugoortreders dus oorverteenvoerdig terwyl Engelssprekendes onderverteenvoerdig is. Amptelike statistiek vir 1948 toon egter dat 64.55 persent van die skoolleerlinge vir die jaar onderwys deur medium van Afrikaans en 32.59 persent

deur medium van Engels ontvang het (27, bl. 404) . Op hierdie basis geneem, is die Engelssprekendes weer oor- en die Afrikaanssprekendes onderverteenwoordig in die groep oortreders.

As alles in aanmerking geneem word, sal die verhouding van die hooftaalgroepe onder die oortreders waarskynlik normaal wees.

## 2. KERKVERBAND

Amerikaanse ondersoeke toon dat die Rooms-Katolieke en Baptiste relatief meer misdade pleeg as die aanhangers van ander kerke. Die verklaring vir hierdie verskynsel lê nie in die geloofsoortuiging self nie, dog eerder by sosiologiese omstandighede wat met die aanhangers van die bepaalde godsdienstige gesindheid saamhang. Die Rooms-Katolieke tel baie nuwe intrekkers onder hulle geleedere - mense wat hulle nog nie by die plaaslike kultuur kon aanpas nie - terwyl die Baptiste weer baie Negers, 'n bevolkingsgroep wat 'n baie hoë misdaadsyfer het, insluit.

Volgens tabel 2 was die meeste van die oortreders (43.4%) aanhangers van die drie groot Afrikaanse kerke, dan volg die aanhangers van die Engelse kerke (23.9%), dan die Rooms-Katolieke (9.1%) en dan die aanhangers van die Apostoliese kerke (7.5%). Slegs 'n geringe persentasie het aan ander kerke of sektes behoort. Aangesien die kerkverband van 13.8 persent van die oortreders onbekend is, moes bogenoemde persentasies eintlik hoër gewees het.

TABEL 2: DIE KERKVERBAND OF GODSDIENSTIGE GESINDTE VAN DIE OORTREDERS BY TOELATING TOT DIE VERBETERINGSKOOL

Kerkverband	Persentasie	Getal
Afrikaanse kerke	43.4	236
Engelse kerke	23.9	130
Rooms-Katoliek	9.2	50
Apostoliese kerke	7.5	41
Ander	2.2	12
Onbekend	13.8	75
Totaal	100.0	544

13/.....

1) 'n Verdere 2.86 persent van leerlinge het deur middel van Afrikaans en Engels of ander tale onderwys ontvang.

Amptelike statistiek vir die Blanke bevolking van Suid-Afrika vir die jaar 1946 toon dat 54.12 persent van die totale bevolking aan die drie groot Afrikaanse kerke (die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk) behoort het, 28.55 persent aan die Engelse kerke (Anglikaanse kerke, Presbiteriaanse Kerk, Congregational-kerk, Metodistekerk en Baptiste-kerk), 5.03 persent aan die Rooms-Katolieke Kerk en 2.98 persent aan die Apostoliese kerke (Apostoliese Geloofsendingkerk en Volle Evangeliekerk) (27, bl. 264). Dit blyk dus dat die aanhangers van die Afrikaanse sowel as Engelse kerke in die groep oortreders onderverteengewordig is. Hierdie onderverteengewordiging is deels aan die feit dat 'n aansienlike persentasie van die groep se kerkverband onbekend is, toe te skryf, dog dit blyk ook dat die aanhangers van die Rooms-Katolieke Kerk sowel as die Apostoliese kerke, ten spyte van die feit dat hierdie kerke waarskynlik nog aanhangers onder die onbekende groep het, duidelik oorverteengewordig is.

Die verklaring vir hierdie oorverteengewordiging is moeilik. Dit mag egter wees dat die aanhangers van die Apostoliese kerke, in vergelyking met die totale bevolking relatief meer uit die verarmde stedelike bevolking bestaan as die aanhangers van ander kerke, en dit is vasgestel dat die verarmde bevolkingslae in die stede relatief meer misdadigers oplewer as die meer welgestelde stedelike bevolking of plattelandse bevolking. Dieselfde argument mag ook vir die Rooms-Katolieke, tesame met die feit dat baie van hulle nuwe intrekke met aanpassingsprobleme is, geld. Hierdie verklaring is egter bloot hipoteties en berus nie op wetenskaplike gegewens nie.

### 3. GESINSGROOTTE

Tabel 3 gee 'n aanduiding van die gesinsgrootte, volgens die getal kinders, van die gesinne waaruit jeugoortreders afkomstig is. Indien die maatstaf wat deur H. J. Venter gebruik is (21, bl. 205), dat vier kinders die grens van 'n „behartigbare“ kindertal voorstel, op hierdie gegewens toegepas word, dan blyk dit dat 47.8 persent van die oortreders uit „onbehartigbare“ gesinne afkomstig is. Indien die gegewens vir al die gevalle bekend sou wees, sou bogenoemde persentasie nog hoër gewees het.

TABEL 3: DIE KINDERTAL IN GESINNE WAARUIT DIE JEUGOORTREDERS AFKOMSTIG IS

Getal kinders	Persentasie	Getal
1	5.9	32
2-4	39.0	212
5-7	31.6	172
8-10	13.1	71
11 en meer	3.1	17
Onbekend	7.4	40
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>

Die verskynsel dat baie oortreders uit groot gesinne afkomstig is, is reeds dikwels waargeneem. J. M. van Bemmelen verklaar dat terwyl ongeveer 5 persent van Nederlandse kinders uit gesinne met 10 of meer kinders afkomstig is, dié persentasie by kinders wat hulle aan wangedrag skuldig maak, tot 10 of 12 persent styg. Van 'n groep dogters in 'n „tuchtschool" is selfs bevind dat 37 persent uit gesinne met 10 of meer kinders voortspruit (19, bl. 207).

Die probleem lê nie by die grootte van die gesin as sodanig nie. Dit is egter waarskynlik dat die ontwrigting in die groot gesin groter is as in die geval van die kleiner gesin wanneer die gesin deur een of ander teenslag getref word. Waar dié vader van die groot gesin byvoorbeeld te sterwe kom, tree ekonomiese nood dikwels vroeër in as by die kleiner gesin; en dan is dit gewoonlik moeiliker vir die moeder om beheer oor 5 of 6 kinders as oor 2 of 3 uit te oefen.

#### 4. DIE GEBOORTERANGNOMMER

Alhoewel E. H. Sutherland die verband betwis (16, bl. 184), het ander ondersoekers gevind dat die oudste, of dan ten minste die oudste helfte van die kinders in 'n gesin, meer as die ander aan misdaad blootgestel is. Havelock Ellis het dan ook verklaar: „Criminality like idiocy tends to run in the line of the eldest sons" (19, bl. 222). Sletto bevind dat „delinquency was high for children who had younger siblings of each sex, but low for children who had older siblings of each sex" (13, bl. 130).

Die huidige ondersoek toon dat daar meer as twee keer soveel oudste as jongste kinders was (vergelyk tabel 4). Selfs al sou die onbekende groep by die jongstes gevoeg word, sou daar nog meer oudstes as jongstes gewees het. Kinders wat nóg die jongste nóg die oudste was, het 45.8 persent van die totaal uitgemaak, terwyl enigste kinders op slegs 5.9 persent te staan gekom het.

TABEL 4: DIE GEBOORTERANGNOMMER VAN DIE OORTREDERS

Rangnommer	Persentasie	Getal
Enigste	5.9	32
Jongste	12.3	67
Middelste	45.8	249
Oudste	25.4	138
Onbekend	10.7	58
Totaal	100.0	544

'n Verklaring vir die besondere kriminogene belasting van die oudste kind kan moontlik in die volgende rigtings gesoek word: As oudste kind is hy meer aan opvoedingsfoute onderhewig as latere kinders; hy is waarskynlik meer aan die nadele van beroepsarbeid van die moeder blootgestel as latere kinders; oudste

kinders sluit meer buite-egtelike kinders in en dan, indien C. Burt se gevolgtrekking dat enigste kinders in die besonder aan misdaad blootgestel is (2, bl. 95), aanvaar kan word, moet onthou word dat oudste kinders ook op een stadium die enigste kind was. Die huidige ondersoek toon egter nie dat daar baie enigste kinders onder die oortreders voorgekom het nie. Dit is nie bekend hoeveel enigste kinders daar in die totale bevolking voorkom nie, en dus kan daar geen verdere afleiding ten opsigte van bogenoemde gemaak word nie.

## 5. BUIITE-EGTELIKHEID

Die buite-egtelike kind is in die besonder aan verwaarlosing blootgestel en dit is vir hom uiters moeilik om 'n normale lewe in 'n normale en gesonde buurt te voer.

In Suid-Afrika is die voorkoms van buite-egtelike geboortes in vergelyking met binne-egtelike geboortes onder die Blankes betreklik laag. Tussen die jare 1925 en 1935, die tydperk waarin die meeste van die oortreders gebore is, het buite-egtelike geboortes onder die blankes gewissel vanaf 2.5 tot 2.7 persent van alle geboortes (22, bl. 24). Hierteenoor is 'n aansienlike persentasie van die jeugootreders, naamlik 8.1 persent, buite-egtelik gebore.

TABEL 5: DIE GEBOORTESTATUS VAN DIE OORTREDERS

Geboortestatus	Persentasie	Tetal
Binne-egtelik	89.5	487
Buite-egtelik	8.1	44
Onbekend	2.4	13
Totaal	100.0	544

Ander bevindings wat genoem kan word, is dié van C. Burt en dié van S. en E. T. Glueck. Burt bevind dat 7.6 persent van 'n groep Londense oortreders teenoor slegs 0.7 persent van die kontrolegroep, buite-egtelik gebore is (2, bl. 64) terwyl die Gluecks die onderskeie persentasies van 18.6 en 13.0 aangetref het (7, bl. 117-118).

## 6. DIE GESINSONVOLLEDIGHEID EN STIEFOUERVERHOUDINGS

Waar een of meer ouers weens dood, egskedings, verlating, gevangenisstraf of langdurige hospitalisasie uit die gesin afwesig is, word daar van onvolledigheid in die gesin gepraat. Vir die huidige ondersoek is slegs eersgenoemde drie redes vir afwesigheid, tesame met gevalle waar die seun buite-egtelik gebore is sonder

dat die vader later met die moeder getroud is, in berekening gebring.

TABEL 6: GESINSONVOLLEDIGHEID IN DIE OUERTUISTES VAN DIE OORTREDERS VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

Gesinsagtergrond	Persentasie	Getal
Volledig	40.6	221
Onvolledig	57.9	315
Onbekend	1.5	8
Totaal	100.0	544

Uit tabel 6 blyk dit dat 57.9 persent van die oortreders uit onvolledige gesinne voortspruit. Hierdie syfer is besonder hoog in vergelyking met die algemene bevinding: E. H. Sutherland stel die omvang van onvolledige gesinne by jeugoor-treders op tussen 30 en 60 persent (16, bl. 175) en H. J. Venter verklaar dat die omvang gewoonlik om en by die 40 persent lê (21, bl. 210).

Die gesinsonvolledigheid is veral van betekenis in die misdaadveroor-saking waar dit met verarming, beroepsarbeid van die moeder en verwaarlosing gepaard gaan.

Dit is van verdere belang om die oorsake vir die gesinsonvolledigheid aan te dui.

TABEL 7: DIE REDE VIR DIE ONVOLLEDIGHEID VAN DIE HUISGESINNE WAARUIT DIE BETROKKE OORTREDERS<sup>1)</sup> AFKOMSTIG IS

Rede	Persentasie	Getal
Vader afwesig weens:		
geen huwelik	11.7	37 <sup>2)</sup>
egskeiding	17.8	56
verlating	11.1	35
dood	30.8	97
Moeder afwesig weens:		
egskeiding	4.8	15
verlating	3.8	12
dood	20.0	63
Totaal	100.0	315

17/.....

<sup>1)</sup> Slegs die rede vir die afwesigheid van die ouer wat die eerste "weggeval" het, word hier aangetoon.

<sup>2)</sup> Hierdie syfer is ietwat kleiner as dié wat aantoon welke getal van die oortreders buite-egtelik gebore is. By hierdie 37 gevalle was daar nie 'n latere huwelik tussen die moeder en die eie vader nie, en by 7 gevalle was daar wel sodanige huwelike.



Dit blyk dat die helfte (50.8 persent) van die onvolledigheid aan die afsterwe van 'n ouer te wyte is, terwyl die ander helfte aan egskedding, verlating en buitewegtelikheid toegeskryf kan word.

Die uitwerking van hierdie oorsake van onvolledigheid op die ontwikkelende kind verskil.

Die afsterwe van een ouer mag groter solidariteit onder die oorblywendes daarstel alhoewel ekonomiese nood, verwaarlosing en onbeheerbaarheid mag volg. Hierteenoor vind ons in die geval van egskedding en verlating dikwels dat die meeste skade reeds voor die gesinsbreuk aangerig is. Die afguns, nyd en haat wat egskedding en verlating voorafgaan, skep 'n uiters ongunstige emosionele milieu vir die kind.

Tabel 8 toon op welke leeftyd die oortreder die gesinsbreuk ervaar het. Dit blyk dat 'n groot persentasie van die oortreders reeds 'n ouer voor hul twaalfde lewensjaar verloor het.

TABEL 8: DIE OUDERDOM WAAROP GESINSONVOLLEDIGHEID VOORGEKOM HET BY DIE OORTREDERS WAT UIT ONVOLLEDIGE OUERHUISE AFKOMSTIG IS

Leeftyd	Persentasie	Getal
0-5 jaar	35.9	113
6-11 jaar	28.9	91
12 en ouer	21.9	69
Onbekend	13.3	42
Totaal	100.0	315

Ongelukkig maak die gegewens nie onderskeid tussen die "wegval" van die vader en die moeder nie. Volgens J. Bowlby is dit van die allergrootste betekenis dat die jong kind in noue kontak met sy moeder moet wees. Verbreking van hierdie kontak lei tot psigiese steurings wat die kans om misdaad te pleeg, vergroot (1, bl. 11-17). Benewens die moeder het die vader egter ook 'n belangrike funksie in die gesin en kan daar slegs van ideale omstandighede gepraat word waar die vader sowel as die moeder met toegewytheid die opvoedingstaak verrig.

Benewens die statistiek wat slegs op die finale breuk in die gesinsverhouding dui, het tydelike verlating van die gesin deur 'of die vader 'of die moeder redelik algemeen voorgekom.

Soos blyk uit tabel 9 is die helfte van die onvolledige gesinne waaruit die oortreders voortgespruit het, deur stiefouers, meesal 'n stiefvader, aangevul. Alhoewel die stiefvader gewoonlik die ekonomiese omstandighede van die voorheen vaderlose gesin verbeter, is die verhouding tussen hom en veral sy stiefseuns

dikwels baie ongelukkig. W. A. Willemse verklaar dat: „The stepfather relationship is detrimental to a boy's harmonious development in the same manner as the proverbial stepmother is a disadvantage to the maturing girl"(24, bll. 28-29).

TABEL 9: DIE VOORKOMS VAN STIEFOUERS BY DIE OORTREDERS UIT ONVOLLEDIGE GESINNE

Stiefouers	Persentasie	Getal
Stiefvader	30.2	95
Stiefmoeder	14.3	45
Beide	4.8	15
Geen	50.8	160
Totaal	100.0	315

Gert is een van die gevalle wat nie met sy stiefvader kon stryk nie.

Geval: Gert

Gert se vader het selfmoord gepleeg toe die seun 12 jaar oud was. Aangesien die moeder beswaarlik vir haar kinders kon sorg, is Gert na 'n weeshuis gestuur. Nadat die moeder weer getroud is, 'n paar maande na die dood van Gert se vader, het Gert weer na haar terugkeer. Dit word beweer dat die stiefvader toe reeds vir 'n geruime tyd 'n verhouding met die moeder gehad het en dit die oorsaak vir die selfmoord van die vader was.

Die gesinsverhouding was by Gert se terugkeer na sy moeder, uiters swak. Die stiefvader, 17 jaar jonger as Gert se moeder, slegs sewe jaar ouer as Gert se oudste suster en 10 jaar ouer as hyself, was vasberade om sy gesag af te dwing en het daarom vryelik van die lat gebruik gemaak. Toe Gert reeds 17 jaar oud was, het die stiefvader hom geslaan as hy later as nege-uur saans tuis kom en hy het Gert totaal verbied om na die bioskoop te gaan. Verder is die kinders heeltemal verstoot en hulle is nie eers toegelaat om saam met die ouers te eet nie.

Gert het met verloop van tyd in verset teen sy lot gekom en die huis verlaat. Eers is hy na 'n tante en toe na 'n oom. Hier wou sake ook nie vlot nie en sy pogings om by die vloot aan te sluit, het misluk. Daar word beweer dat hy in sy omswerwinge 'n bedelaarsbestaan gevoer het en onder andere by Bantoes en Indiërs ingewoon het. Hy het ook 'n voorliefde vir sterk drank ontwikkel.

Nadat Gert telefoonapparaat kwaadwillig beskadig het, is hy na 'n nywerheidsskool verwys en later ook na 'n ander nywerheidsskool oorgeplaas. Hy het egter telkens weggeloop en na twee pogings tot motordiefstal is hy na die verbeteringsskool verwys.

Na sy ontslag het Gert moeilikheid as gevolg van epileptiese aanvalle ondervind en het hy sy werk verloor. Gedurende die vyfjaar-opvolgperiode was daar egter geen misdaad nie.

## 7. DIE EKONOMIESE PEIL:

Sedert die ontstaan van die Kriminologie as wetenskap, word die verband tussen misdaad en armoede ywerig bestudeer. Die algemene bevinding is dat die armste bevolkingslae die meeste misdadigers oplewer, dog dat armoede selde direk tot misdaad aanleiding gee. Wat veral van belang is, is daardie omstandighede wat gewoonlik met armoede gepaard gaan. Hieronder kan die volgende genoem word: Swak behuising, die invloed van swak woonbuurtes, gebrekkige geleentheid vir onderwys en opleiding, onvoldoende fasiliteite vir gesonde vryetydsbesteding en gebrekkige persoonlikheidsvorming.

Hierdie omstandighede wat met armoede gepaard gaan, speel veral in die stede 'n rol en dit is dan ook in die stede waar armoede die grootste verband met misdaad toon. In die stede word die armes voortdurend deur die lewenswyse van die meer welgesteldes geprikkel en dit is ook in die stede waar geld die grootste statusgewer is.

Bestudering van die lewensomstandighede van die oortreders en die motiewe by die pleeg van die misdaad, toon dat die oortreder uiters selde steel om honger te stil dog van die allernoodsaaklikste lewensbehoefte alleen kan of wil die mens nie meer lewe nie. Die seun steel veel eerder om sigarette te kan koop, na die bioskoop te kan gaan, 'n fiets te kan ry, met 'n gesteelde motor grootman voor sy vriende en vriendinne te speel of om teen 'n ouer of ander gesagsimbool te kan protesteer.

Tabel 10 toon dat 49.3 persent van die oortreders uit arm tuistes voortspruit. By 21.7 persent was die ekonomiese omstandighede redelik gesond, terwyl 11.0 persent uit tuistes kom waar die ekonomiese posisie heeltemal goed was. By 18.0 persent is die gegewens onbekend. W.A. Willemse het, in 'n ondersoek na oortreders in Suid-Afrikaanse verbeteringskole, bevind dat 41.2 persent van die manlike oortreders uit baie arm gesinne kom, 30.9 persent uit arm gesinne, 14.6 persent uit gesinne waar die toestand redelik is en 13.3 persent uit welgestelde gesinne (24, bl. 20). C. Burt het verklaar dat 19 persent van die Londense oortreders uit baie arm gesinne voortspruit, terwyl slegs 8 persent van die vergelykbare totale bevolking baie arm ouers gehad het (2, bl. 68-69).

TABEL 10: DIE EKONOMIESE TOESTAND VAN DIE HUISGESINNE  
WAARUIT DIE JEUGOORTREDERS VOORTSPRUIT

Ekonomiese peil <sup>1)</sup>	Persentasie	Tetal
Swak	49.3	268
Redelik	21.7	118
Goed	11.0	60
Onbekend	18.0	98
Totaal	100.0	544

20/.....

<sup>1)</sup> Geen vaste norm van swak, redelik of goed is gebruik nie, dog alleenlik die beoordeling van die proefbeampte of ander ondersoeker wat 'n verslag oor die huislike omstandighede gelewer het.

In die geval van Ferdie het ons 'n voorbeeld van 'n oortreder wat uit 'n sedelik vervalde armblanke gesin voortspruit. Armoede en wangedrag staan egter nie in hierdie geval in direkte verband met mekaar nie.

Geval: Ferdie.

Gedurende 1940 het Ferdie se moeder voor die Kommissaris van Kindersorg getuig dat haar man haar verlaat het en dat sy nie vir die jonger kinders kan sorg nie. Sy het verklaar dat haar man selde gewerk het en gedurende die vyf jaar wat sy verlating voorafgegaan het, het hy nooit meer gewerk nie. Die ekonomiese bates en inkomste van die gesin is soos volg deur die moeder beskryf. "My man het 'n wa en donkies besit, maar het dit saam met hom geneem. My huisraad is ongeveer £5 werd. Verder besit ek niks. Ek het geen skuld nie. Ek verdien ongeveer 5/- per week vir was. Ek betaal 11/- per maand huishuur." Van die ouer seuns het ook tot die inkomste bygedra. Een het slegs st. II geslaag en het 3/- per dag as handlanger by 'n draadmaker verdien terwyl 'n ander, wat st. III geslaag het, £1 per maand in 'n slaghuys verdien het. Ferdie en die ander kinders kon weens die treklus van die vader nooit gereeld skoolgaan nie. Later ondersoek het die vermoede laat ontstaan dat die moeder met 'n ander man intieme verhoudings gehad het en dat dit die rede vir die vertrek van die vader was.

Ferdie is na 'n weeshuis gestuur. Hy wou egter nie daar bly nie en het weggegaan. Hierna is hy na 'n nywerheidskool gestuur dog het weer weggegaan en het toe uiteindelik in 'n ander nywerheidskool beland. Vanaf hierdie inrigting het hy tweekeer weggegaan en elke keer oortree. Nadat hy gepoog het om 'n motor te steel, is hy na die verbeteringskool oorgeplaas.

Ferdie het nooit probleme in die verbeteringskool gelewer nie. Weens sy passiewe houding kon daar egter ook nie van vordering sprake wees nie.

Ferdie is met vergunning na sy suster in Johannesburg uitgeplaas. Spoedig het hy egter die Goudstad verlaat om hom by sy vader en broer, wat in 'n kamer in die agterbuurtes van Kaapstad tussen Kleurlinge gewoon het, te vestig. Die vader en broer het vryelik met Kleurlinge op sosiale gebied verkeer en dit was ook nie lank nie of Ferdie was groot vriende met 'n getroude Kleurlingvrou. Ferdie het later, nadat hy hom aan inbraak skuldig gemaak het, in die gevangenis beland.

## 8. DIE SEDELIKE PEIL VAN DIE OUERS

Baie ondersoekers het reeds aangetoon dat 'n lae sedelike peil, en veral misdadige gedrag by die ouers met jeugmisdaad by hulle kinders korreleer.

Dit is te verwagte aangesien kinders nie alleen dikwels die ouers se gedrag naboots nie dog ook die sedelike beskouing van die ouers hulle eie maak. May en Hartshorne het dan ook bevind dat die sedelike beskouing van kinders die hoogste met dié van hulle ouers korreleer, in 'n geringer mate met dié van hulle maats en byna geen ooreenkoms met dié van onderwysers en Sondagskoolonderwysers

vertoon nie (18, bl. 134).

Tabel 11 toon dat, sover bekend, ongeveer 'n kwart van die oortreders se vaders hulle aan alkoholisme skuldig gemaak het. Misdad, onsedelikheid en werkskuheid kom respektiewelik by 6.3, 7.2 en 6.4 persent van die vaders voor. Hierdie gegewens het veral betrekking op die vaders wat nog in lewe was, alhoewel die wangedrag van vaders wat reeds oorlede is, waar bekend, ook in berekening gebring is. Meer noukeurige ondersoek sou hierdie syfers moontlik verder opgestoot het.

TABEL 11: AFWYKENDE GEDRAG BY DIE VADERS VAN DIE OORTREDERS

Afwyking	Persentasie	Getal
Alkoholisme	23.2	126
Misdad	6.3	34
Onsedelikheid	7.2	39
Werkskuheid	6.4	35

Alkoholisme by die vader is 'n verskynsel wat algemeen by oortreders aangeref word. Alkoholisme lei dikwels tot spanning in die tuiste, verarming, onsedelikheid en verwaarlosing. In so 'n huislike milieu kan die kind beswaarlik gelukkig en normaal opgroei. Bly toestande uithoubaar, is die gevaar groot dat die kind die vader se wangedrag sal navolg; is die toestand egter onuithoubaar, is die gevolg dikwels vernet en onbeheerbaarheid wat die moontlikheid vir misdad vergroot. Onsedelikheid en swak werkgewoontes kan eweneens tot nabootsing deur die kind aanleiding gee. Waar die vader die kinders doelbewus in die tegniek en „filosofie" van die misdad oplei, is die gevolge ramspoedig. Onder dergelike omstandighede is die gewetensfunksie of super-ego van die kind dikwels geen teenvoeter teen die misdad nie.

Terwyl alkoholisme die mees algemene afwyking by die vader is, is onsedelikheid die algemeenste onder die moeders.

TABEL 12: AFWYKENDE GEDRAG BY MOEDERS VAN DIE OORTREDERS

Afwyking	Persentasie	Getal
Onsedelikheid	9.9	54
Alkoholisme	5.5	30
Misdad	2.0	11

In 'n ondersoek na 2,000 jeugoortreders het N. D. M. Hirsch bevind dat 41.45 persent van die oortreders ten minste een ouer gehad het wat 'n alkoholis was, 25.25 het ouers gehad wat onsedelik was terwyl 12.7 persent se ouers misdade-rekords gehad het (9, bl. 64).

In die geval van Nico en Jaap is die invloed van sedelike verval by die ouers duidelik te bespeur.

#### Geval: Nico

Nico kom uit 'n berugte Fordsburgse familie en hy, sowel as twee van sy broers, het op verskillende tye in die verbeteringskool beland.

Dit is bekend dat die vader wat in 'n ongeluk oorlede is, 'n alkoholis was wat baie op sy vrou geskel het. Nico se moeder was ook self 'n alkoholis en boonop onsedelik. Die proefbeampte skryf onder andere soos volg oor haar gedrag: „Mrs. - has been visited during the week-ends when she was often found to be under the influence of liquor. She also entertained soldiers in her room who also appeared to be intoxicated.”

Verder het die moeder haar weinig aan die kinders gesteur en kon sy nooit sê waar Nico hom bevind nie. Onder hierdie omstandighede het hy heeltemal hande uitgeruk en volgens getuienis van sy suster laat snags rondgeloop, gedrink en dagga gerook.

Wat Nico ook verder beïnvloed het, was die gedrag van sy broers en susters. Die broers, Nico was die jongste van sewe, het almal misdade gepleeg of is as onbeheerbaar na inrigtings verwys. Nico het ook self verklaar dat sy suster met brandewyn smokkel.

Nadat Nico etlike oortredings gepleeg het - sommige aan die polisie onbekend - is hy na die verbeteringskool verwys. Na sy ontslag het hy weer oortree en in die gevangenis beland.

#### Geval: Jaap

Jaap het onder die allertreurigste omstandighede opgegroeï. Sy vader was 'n misdadiger en sy moeder is as 'n persoon van twyfelagtige karakter beskryf.

Nadat Jaap se vader twee minderjarige dogters onsedelik aangerand het, en hy tot etlike jare gevangenisstraf gevonnissen is, het sy vrou van hom geskei en is Jaap na 'n inrigting gestuur. Nadat die moeder weer getrou het, het Jaap na haar teruggekeer.

Jaap was twaalf jaar oud toe sy vader uit die gevangenis vrygelaat is. Om wraak te neem teen sy voormalige vrou omdat sy van hom geskei het, het hy

Jaap van haar weggeneem en by hom gehou. Gedurende hierdie tydperk het hy die seun baie nadelig beïnvloed. Die vader was nie alleen 'n seksmisdadiger nie, dog ook 'n berugte dranksmokkelaar.

Nadat Jaap na sy moeder terug is, het sy gedrag wat reeds vir jare veel te wense oorgelaat het, verder verswak. Toe hy hom aan openbare onsedelikheid skuldig maak, word hy na 'n nywerheidskool verwys.

Jaap kon hom nie in die nywerheidskool vas nie. Weens sy voortdurende weglopery is hy toe na 'n ander nywerheidskool oorgeplaas. Toe hy weer wegge-loop en 'n misdaad gepleeg het, is hy na die verbeteringskool oorgeplaas. Sielkundige ondersoek in laasgenoemde inrigting het aan die lig gebring dat Jaap emosioneel baie onstabiel is, aan sterk gevoelens van minderwaardigheid ly en ook met swak morele sentimente toegerus is.

Jaap het oënskynlik baat by sy behandeling ontvang aangesien hy hom na sy ontslag uit die inrigting, redelik suksesvol aangepas het.

## 9. SAMEVATTING

Wat die breë agtergrond van die oortreders betref, blyk dit dat die verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekende oortreders ongeveer dieselfde is as die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in die totale Blanke bevolking.

Dit blyk egter verder dat Rooms-Katolieke en aanhangers van die Apostoliese kerke, om een of ander rede, in vergelyking tot die aanhang wat hierdie kerke in die totale bevolking geniet, oorverteenvoerdig is.

Byna die helfte (47.8%) van die oortreders kom uit groot gesinne (5 kinders of meer). 'n Eienaardige bevinding, wat egter ook deur sommige ander ondersoekers verkry is, is dat oudste kinders veel meer as jongste kinders aan misdaad blootgestel word. In die geval van die groep oortreders wat by hierdie ondersoek betrokke is, is dit bevind dat daar twee keer meer oudste as jongste kinders was. Enigste kinders was besonder skaars onder die oortreders waaroor hierdie ondersoek gaan.

'n Aansienlike persentasie (8.1%) van die oortreders was buite-egtelike kinders. Dit is meer as drie keer soveel as wat by die totale Blanke bevolking voorkom. Baie opvallend is die groot voorkoms van onvolledigheid in die gesinne van die oortreders, naamlik 57.9 persent. Die afsterwe van 'n ouer is vir die helfte van die onvolledigheid verantwoordelik, by die ander helfte is die gesin deur egskeiding en verlatting verbrokkel. By 64.8 persent van die oortreders het onvolledigheid voorgekom voor die elfde lewensjaar. Onvolledige gesinne is in die helfte (49.3%) van die gevalle deur stiefouers aangevul.

Die algemene bevinding dat jeugoortreders veral uit arm gesinne voort-spruit, word ook deur hierdie ondersoek bevestig want 49.3 persent is as sodanig geklassifiseer.

Alkoholisme, misdaad en onsedelikheid het onderskeidelik by die vaders van 23.2, 6.3 en 7.2 persent van die oortreders voorgekom. Die onderskeie persentasies by die moeders van die oortreders was 5.5, 2.0 en 9.9 persent.

Uit voorgaande gegewens blyk dit dat die gesinsagtergrond van die oortreders swak was, ongetwyfeld veel swakker as wat by die algemene bevolking van vergelykbare ouderdom aangetref sal word. Ongunstige gesinstoestande het ongetwyfeld 'n belangrike bydrae tot die wangedrag van die oortreders gelewer.



## HOOFSTUK 4

### DIE BUIITE-HUISLIKE MILIEU

Benewens die huisgesin wat die kind primêr beïnvloed, word die persoonlikheid en lewensuitkyk ook deur die buurt en die invloede wat daarvan uitgaan, beïnvloed. Kontak met maats of jeugbendes is byvoorbeeld van die allergrootste betekenis by die vaslegging van gedragspatrone veral waar huislike omstandighede ongunstig is en die kind, in sy normale strewe na erkenning, sekuriteit en avontuur, hom na die buurt en die bende moet wend.

Aanpassing in die skool en in die werkkring is ook van belang. Die skool berei die kind op die latere lewe voor en is ook die eerste organisasie buite die gesinsfeer waarby die kind ingeskakel word. Sukses op skool, ook wat aanpassing betref, is vir die latere inskakeling by die maatskappy van groot betekenis en dit is miskien baie opvallend dat die misdadiger gewoonlik in sy jeug 'n stokkiesdraaier was en oor swak opvoedkundige kwalifikasies beskik. Ook die werkkring is van belang. Die werker wat gelukkig en tevrede in sy werk is, lewer selde 'n probleem op.

#### 1. DIE WOONPLEK

Dit is 'n algemene bevinding dat hoe groter die stad is, hoe groter is die verhouding van misdade tot die bevolking. Daar is sekerlik uitsonderings op die reël waar kleiner dog snel ontwikkelende gemeenskappe waar „boom“-toestande heers, 'n hoër misdaadsyfer as groter dog meer gevestigde gemeenskappe toon.

In Suid-Afrika is dit welbekend dat Johannesburg, ons grootste stad, meer misdadigers oplewer as wat, geoordeel na bevolking, verwag kan word.

Volgens tabel 13 was 30.3 persent van die oortreders uit Johannesburgse gesinne afkomstig. Hierteenoor het slegs sowat 14 persent van die totale Blanke bevolking van die Unie, in 1951, in Johannesburg gewoon (359,539 teenoor 2,643,187 in die totale bevolking) (27, bll. 1180-1184). Aansienlike persentasies van die oortreders het uit die ander groot stede soos Kaapstad en Pretoria, met die opvallende uitsondering van Durban, gekom. Die plattelandse gebiede van Suid-Afrika, tesame met die kleiner stede soos Bloemfontein, Kimberley, Oos-Londen en Pietermaritzburg se bydrae tot die groep oortreders was slegs 24.6 persent. In hierdie stede en gebiede woon daar ongeveer die helfte van die Blanke bevolking van die Unie<sup>1)</sup>.

26/....

---

1)

Bereken volgens gewens vervat in die Offisiële Jaarboek (27, bll. 1180-1184).

TABEL 13:

DIE WOONPLEK VAN DIE OUERS VOOR VERWYSING  
VAN DIE JEUGOORTREDERS

Woonplek	Persentasie	Getal
Johannesburg	30.3	165
Kaapstad	11.2	61
Durban	2.8	15
Pretoria	9.9	54
Oos-Randse stede en dorpe	7.5	41
Wes-Randse stede en dorpe	3.1	17
Port Elizabeth	2.0	11
Kleiner stede, dorpe en platteland	24.6	134
Onbekend	8.5	46
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>

Aangesien 40.9 persent van die oortreders dus uit die Witwatersrandse gebied afkomstig is, kan daar met W. A. Willemse saamgestem word as hy beweer: „that juvenile delinquency in South Africa is largely a Rand phenomenon" (24, bl. 24). Die rede vir hierdie verskynsel, vervolg Willemse, is die baie versoekings van die groot stad, ongesonde vryetydsbesteding, maats en die heterogeniteit van nuwe gedragskodes wat tot vernietiging van beheer deur die tradisie en die verbroekeling van die gesinslewe lei. Hierdie nadele gaan veral met 'n te vinnige verstedelikingsproses gepaard en die gesinne wat hulle in die stede vestig is vir 'n geruime tyd wanaangepas (24, bll. 24-25).

'n Aanduiding van die omvang van verstedeliking by die gesinne waaruit die jeugoortreders voortgespruit het, word gevind in 'n vergelyking van tabel 13 en tabel 14, dit wil sê as die woon- en geboorteplek vergelyk word. Dit blyk onder andere dat terwyl meer van die oortreders in Johannesburg as in die kleiner stede en plattelandse gebied van die Unie tesame gewoon het, meer as twee keer soveel oortreders in die kleiner stede en plattelandse gebiede as in Johannesburg gebore is. Hierdie afleiding lyk geregverdig te wees ten spyte van die aanwesigheid van oortreders vir wie hierdie gegewens onbekend is.

TABEL 14: DIE GEBOORTEPLEK VAN DIE OORTREDERS

Geboorteplek	Persentasie	Getal
Johannesburg	16.0	87
Kaapstad	10.1	55
Durban	1.7	9
Pretoria	5.1	28
Oos-Randse stede en dorpe	5.1	28
Wes-Randse stede en dorpe	1.1	6
Port Elizabeth	0.7	4
Kleiner stede, dorpe en die platteland	39.5	215
Onbekend	20.6	112
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>

## 2. DIE BUURT

Onderszoekers soos C. R. Shaw het bevind dat misdaad in die groot stede veral voorkom in daardie stadsgebiede wat om die sentrale sakegedeelte geleë is, wat in 'n staat van verval is en waarin ander vorms van afwykings dikwels voorkom (12, bl. 77-82). In hierdie buurte vind die misdadigers, prostituees, smokkelaars en boemelaars 'n toevlug en dit is ook hier waar die jeugbende sy lede werf.

In byna die helfte van die gevalle waaroor hierdie studie gaan, het gegewens oor die gehalte van die buurt ontbreek. Uit die beskikbare gegewens blyk dit egter dat swak buurte veel meer as goeie buurte in die agtergrond van die oortreders voorgekom het.

TABEL 15: DIE GEHALTE VAN DIE BUURT WAARUIT DIE OORTREDERS AFKOMSTIG WAS VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKO

Gehalte van buurt <sup>1)</sup>	Persentasie	Getal
Goed	8.8	48
Redelik	27.9	152
Swak	18.8	102
Onbekend	44.5	242
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>

28/.....

<sup>1)</sup> Die beoordeling deur die proefbeampte of ander persoon wat ondersoek na die agtergrond van die oortreders ingestel het, word hier gebruik. Daar is dus geen vaste norm vir „goed“, „redelik“ of „swak“ nie.

Wat Johannesburg betref, is die adresse van die jeugoortreders deur middel van kolletjies op 'n kaart aangedui (fig. 1). Dit blyk dat die kolletjies nie egalig oor die hele stad versprei is nie, dog veel meer in en om die middestad voorkom of in daardie buurte wat betreklik oud en verval is. Die digste konsentrasie van kolletjies vind ons in Jeppestown, Bertrams, Braamfontein, Ophirton, Booyens en La Rochelle: In hierdie gevalle kan daar, sover dit die onderhawige ondersoek aangaan, amper van misdaadkollie gepraat word.

In die geval van Jackie is die invloede van swak maats en 'n swak buurt duidelik waarneembaar.

### Geval: Jackie

Vir Jackie het die strate van Johannesburg 'n groot bekoring ingehou en selfs op tienjarige leeftyd, toe hy op skool nog in die grade was, het hy dikwels nie direk na skool huis toe gegaan nie dog tot laat die nag in die strate van die stad rondgedwaal. Sy moeder kon geen beheer oor hom uitoefen nie en die vader was in die leër.

Jackie het vriende met 'n seun van die berugte B gesin gemaak. Van dié gesin is daar 'n totaal van drie seuns na die verbeteringskool verwys. Hierdie gesin het in een van die allerswakste buurte van Johannesburg waar misdadigers en prostituees 'n toevlug gevind het, gewoon. In hierdie geselskap het Jackie sy eerste misdaad gepleeg.

Intussen het die moeder desperate pogings aangewend om Jackie van die strate af weg te hou, dog alle pogings was sonder sukses. Toe sy klere van hom weggeneem is, is Jackie, geklee in die onderrok van 'n dogter, in Fordsburg opgemerk.


Ten einde raad is Jackie na 'n inrigting gestuur. Nadat hy weggeloop en misdaad gepleeg het, word hy na 'n nywerheidskool oorgeplaas. In hierdie inrigting sou hy vir etlike jare vertoef.

Jackie is met vergunning na sy moeder uitgeplaas. Aan die voorwaarde dat hy moes skoolgaan, het hy hom nie gesteur nie en, om die proefbeampste te ontduik, het hy die woning van sy moeder verlaat en by 'n tante gaan woon. Hier was omstandighede haglik. Die tante het pas geboorte aan 'n buite-egtelike kind gegee en het verder 'n berugte blinde bedelaar gehuisves. Jackie sou as die begeleier van hierdie bedelaar, wat ook 'n kroniese alkoholis was, optree.

Jackie is op aanklag van winkelbraak na die verbeteringskool verwys. Na enkele jare word hy met vergunning uitgeplaas, dog het weer oortree en nadat hy drie maande gevangenisstraf uitgedien het, is hy weer teruggeneem na die verbeteringskool. Jackie het nou begin weggeloop uit die inrigting en met sy derde ont-snapping het hy weer misdaad gepleeg en is 'n onbepaalde vonnis opgelê.

FIGUUR I

KAART VAN JOHANNESBURG WAAROP DIE WOONPLEK  
VAN JEUGOORTREDERS, MET KOLLETJIES AANGEDUI  
IS.



- |                  |               |
|------------------|---------------|
| A Jeppestown     | F Fordsburg   |
| B Bertrams       | G Ophirton    |
| C Spoorwegstasie | H Booysens    |
| D Vrededorp      | I Turffontein |
| E Paarlshoop     | J La Rochelle |

### 3. ONDERWYSPEIL EN INTELLIGENSIE

Dit is opvallend dat die verbeteringskoolleerling oor die algemeen 'n hewige afkeer in skoolwerk openbaar (15, bl. 131). Hierdie gesindheid is simptome van swak vordering en swak aanpassing op skool.

'n Goeie aanduiding van die swak vordering wat die jeugootreders op skool gemaak het, word in tabel 16 gevind. Dit blyk dat 36.8 persent van die gevalle nie eers st. VI geslaag het nie, terwyl slegs 4.4 persent in st. VIII of 'n hoër standerd kon slaag. Nou moet dit onthou word dat die gemiddelde ouderdom waarop 'n jeugootreder in die verbeteringskool opgeneem word, ongeveer dieselfde is as die ouderdom van studente wat vir die eerste keer na die universiteit gaan (15, bl. 128).

TABEL 16: DIE HOOGSTE SKOOLSTANDERD DEUR DIE OORTREDERS GESLAAG, VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOI

St. geslaag	Persentasie	Getal
Onder st. IV	5.7	31
IV en V	31.1	169
VI en VII	50.2	273
VIII en hoër	4.4	24
Onbekend	8.6	47
Totaal	100.0	544

Bogenoemde verskynsel is ook deur ander ondersoekers waargeneem. H. J. Venter, in sy vergelykende studie van 'n groep eerste-oortreders en resdiviste, het byvoorbeeld gevind dat 35 persent van laasgenoemde groep nie oor 'n st. VI-sertifikaat beskik nie, dat 51.0 persent slegs st. VI of VII geslaag het, terwyl 14 persent oor hoëre kwalifikasies beskik het (21, bl. 166).

Lae onderwyskwalifikasies bemoeilik die aanpassing in die beroepswêreld. Die jeugdige wat byvoorbeeld nie oor 'n St. VI-sertifikaat beskik nie, is veral op ongeskoolde werk aangewese. Weens verveling, harde werk en te lae lone is dit dan tipies dat hierdie gevalle dikwels van werk verander en ook dikwels werkloos is. Waar die jeugdige miskien reeds weens ander oorsake op die rand van misdaad verkeer, is die onbevredigende beroepsituasie dikwels genoeg om die jeugdige in misdaad te laat verval.

Die skoolsituasie kan ook direk tot wangedrag aanleiding gee. Waar die leerling voel dat hy nie kan vorder nie, lei die frustrasie dikwels tot kompensasieleringe soos poetsbakkery en afknouery wat die jeugdige weer in botsing met die onderwyser bring. Word die stryd tussen hom en die onderwyser ondraaglik - of word skoolgaan te vervelig - neem die jeugdige dikwels sy toevlug tot stokkiesdraai wat

weer tot ander vorms van wangedrag mag lei.

Van die 544 oortreders, was 235 of 43.2 persent, sover bekend, stokkiesdraaiers.

Redes vir swak skoolvordering by die oortreders is moeilik te bepaal. In sommige gevalle word 'n losbandige lewensbestaan wat nie bevorderlik vir skoolwerk is nie reeds vroeg aangekweek. In ander gevalle is die huislike omstandighede te swak en die ouers beskou die kind as 'n ekonomiese bate wat so gou moontlik moet begin verdien. In ander gevalle is die intelligensie te laag vir redelike vordering op skool.

Dit blyk uit onderstaande tabel dat 39.2 persent van die oortreders 'n I.K. van minder as 90 gehad het. Hierteenoor het slegs 10.1 persent 'n I.K. van 110 en hoër gehad. In die totale bevolking is die verhouding van persone met 'n I.K. van laer as 90 en hoër as 110 ongeveer gelyk en dit blyk dus dat daar veel meer dom as intelligente oortreders voorgekom het.

TABEL 17: DIE INTELLIGENSIEKWOSIËNT (I.K.) VAN DIE OORTREDERS<sup>1)</sup>

I. K.	Persentasie	Getal
Onder 90	39.2	213
90-109	49.6	270
110 en hoër	10.1	55
Ongetoets	1.1	6
Totaal	100.0	544

Benewens die feit dat lae intelligensie die verkryging van kennis en vaardigheid - wat so noodsaaklik in die moderne gemeenskap is - belemmer, het lae intelligensie ook blykbaar 'n meer direkte verband met die misdaad deurdat die individu met 'n lae intelligensie meer impulsief handel en soms nie die gevolge van sy dae kan insien nie. Dit is in elk geval 'n bekende verskynsel dat misdadigers oor swakker verstandelike vermoëns as die totale bevolking beskik. C. Burt het in sy bekende ondersoek na die Londense jeugoortreder 'n gemiddelde I.K. van 89 gevind (2, bl. 296) terwyl die Gluecks weer 'n mediaan I.K. van 92.28 by 'n groep Amerikaanse jeugoortreders gevind het (25, bl. 285).

31/.....

<sup>1)</sup>Die Ou Suid-Afrikaanse Groeptoets is vir die meting van intelligensie gebruik. Aangesien hierdie toets te hoog getoets het, moet die verspreiding van die I.K. eintlik nog ongunstiger wees (30, bl. 1).

4. BEROEPSARBEID

Tabel 18 toon dat die meeste van die oortreders reeds beroepsarbeid verrig het alvorens hulle na die verbeteringskool verwys is. Dit is dan ook te verwagte. Baie van die oortreders is nie meer skoolpligtig by verwysing nie, ekonomiese omstandighede verhaas die toetrede tot die beroepsarbeid en dan is daar die sterk afkeer teen skoolwerk wat veroorsaak dat die oortreder die skool so gou moontlik verlaat om te gaan werk.

TABEL 18: BEROEPSARBEID DEUR DIE OORTREDERS VERRIG VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

Beroepsarbeid verrig	Persentasie	Getal
Ja	72.2	393
Nee	27.8	151
Totaal	100.0	544

Die aanpassing by die beroepslewe, soos in die geval van aanpassing op skool, was oor die algemeen swak. Werkverwyseling, werkloosheid en werkskuheid het algemeen voorgekom en baie van die oortreders is ook weens onverskilligheid teenoor die werk deur hulle werknemers ontslaan.

Onderstaande tabel gee 'n beeld van die gehalte werker wat die betrokke oortreders, voor hulle toelating tot die verbeteringskool, was. Die meeste is as swak en onbestendige werkers beoordeel.

TABEL 19: DIE GEHALTE WERK WAT DIE OORTREDERS GELEWER HET VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

Gehalte <sup>1)</sup>	Persentasie	Getal
Redelik of goed	15.8	62
Swak	59.8	235
Onbekend	24.4	96
Totaal	100.0	393

32/.....

<sup>1)</sup> Volgens die oordeel van die proefbeampte of ander ondersoeker.



Onderstaande tabel gee 'n ruwe aanduiding van die beroepe waarin die oortreders gestaan het <sup>1)</sup>.

TABEL 20: DIE BEROEPE EN BEDRYWE WAARIN DIE OORTREDERS VOOR VERWYSING GESTAAN HET

Beroep of bedryf	Persentasie	Getal
Spoorweë	8.3	79
Leër en vloot	8.6	82
Jeugbrigade	11.3	107
Ambagstipes (nie op spoorweë nie)	9.6	91
Arbeiders en loswerkers (nie op spoorweë nie)	8.9	85
Ongespesifiseerde beroepe in handel, nywerheid en mynwese	19.3	183
Bodes (bodes in bogenoemde werkkringe ingesluit)	9.6	91
Vermaaklikheidsplekke en hotelle	6.8	65
Ander, ongespesifiseerd	17.6	167
<b>Totale getal beroepe</b>	<b>100.0</b>	<b>950</b>

Verreweg die meeste oortreders was ongeskoolde werkers of handlangers in fabriek, in myne, op die spoorweë of in die vermaaklikheidsbedryf. Byna al die gevalle wat in die leër, vloot of Jeugbrigade diens gedoen het, was ook ongeskoold en het verder nie onder dissipline kon aanpas nie. Die gevalle wat in die leër of vloot was, is dan ook meesal oneervol uit die diens ontslaan. Die gevalle wat in "ambagte" gestaan het, het gewoonlik nie ver met die vakleerlingskap gevorder nie. Veral die boubedryf was in hierdie opsig populêr. Onder bodes is daar veral 'n groot getal briewebestellers. 'n Interessante verskynsel is die groot voorliefde wat die oortreders vir werk in bioskope gehad het en dit is opvallend dat 'n half-dosyn van die oortreders as handlangers ("bellboys") in een bekende Johannesburgse hotel gewerk het.

33/....

<sup>1)</sup>Geen noukeuriger indeling van beroep was moontlik nie. Die rede hiervoor lê by onnoukeurigheid in die verslae oor die oortreders. Daar is byvoorbeeld slegs vermeld dat 'n oortreder in 'n fabriek of op die spoorweë gewerk het sonder om die presiese aard van die werk aan te toon. Aangesien dit ook moeilik was om die laaste beroep van die vorige beroepe te skei, is al die verskillende beroepe waarin die oortreder gestaan het, in berekening gebring.

Dit moet miskien onthou word dat sekere tipes werk die jeugoortreders aantrek eerder as om van hom 'n jeugoortreder te maak; vandaar die groot sametrekking van misdadige en gewoonlik swak gekwalifiseerde oortreders in sekere beroepe.

## 5. SAMEVATTING

Die meeste van die oortreders kom uit gesinne wat hulle in die groter stede van die Unie gevestig het. Een-derde (30.3%) van die oortreders is dan ook uit Johannesburg afkomstig. Dit blyk verder dat baie van hierdie stedelike oortreders op die platteland of in kleiner sentra gebore is, dog saam met die ouers na die groter stede en veral Johannesburg getrek het. Alhoewel gegewens onvolledig is, wil dit voorkom asof veel meer van die oortreders uit swak as uit goeie buurte kom. Die meeste kom egter uit buurte wat as gemiddeld beskryf is. Wat Johannesburg betref, kom die oortreders meesal uit die ou en vervalde woonbuurte in en om die middestad.

Aanpassing op skool en in die beroepslewe was oor die algemeen swak. Meer as 'n derde (36.8%) van die oortreders was, voor verwysing, nie eens in besit van 'n st. VI-sertifikaat nie. Die feit dat 43 persent van die oortreders stokkiesdraaiers was, toon dat die algemene aanpassing op skool ewe swak was. Een rede vir swak skoolvordering en aanpassing is intellektuele gebreke en dit blyk dat 39.2 persent van die oortreders nie oor 'n I. K. van '90 of hoër beskik het nie. Sou die oortreders met die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets getoets gewees het, sou hierdie persentasie aansienlik hoër gewees het.

Die meeste van die oortreders (72.2%) het reeds voor verwysing gewerk. Weens die lae onderwyspeil wat oor die algemeen bereik is, en die feit dat weinig met die loon van 'n vakleerling tevrede was, het die meeste van die oortreders ongeskoolde werk verrig. Die beroepsaanpassing van die meeste was dan ook swak.

## HOOFSTUK 5

### WANGEDRAG, STRAF EN BEHANDELING VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

In hierdie hoofstuk word aangetoon dat die oortreders, oor die algemeen, reeds voor verwysing na die verbeteringskool, gedrag geopenbaar het wat inmenging deur die gereg of ander instansies genoodsaak het. Die vorm wat hierdie inmenging - wat nie kon slaag om die oortreder uit die verbeteringskool te hou nie en dus misluk het - aangeneem het, word ook kortliks bespreek.

#### 1. ANTI-SOSIALE GEWOONTES

'n Aansienlike persentasie van die oortreders het verskillende afwykings getoon alvorens hulle na die verbeteringskool verwys is. Statistiek oor hierdie aspek is egter moeilik te bekom aangesien afwykings soos daggarokery maklik verberg kan word. Die statistiek wat hieronder verskyn, kan dus waarskynlik as 'n onderskatting van die omvang van die besondere verskynsels beskou word.

Uit tabel 21 blyk dit dat 14.9 persent van die oortreders drankmisbruikers was, 7.5 was daggarokers en 12.5 persent het hulle aan growwe onsedelikheid skuldig gemaak.

TABEL 21: ANTI-SOSIALE GEWOONTES BY DIE OORTREDERS  
VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

Verskynsel	Persentasie uit 544	Getal
Drankmisbruik	14.9	81
Daggarook	7.5	41
Onsedelikheid	12.5	68

Alkohol is 'n verdowingsmiddel en nie 'n stimulant nie, en J.M. van Bemmelen verklaar dat dit, van al die ontspannings- en genotmiddele, die sterkste krimिनogene uitwerking het (19, bl. 352).

Daar moet tussen alkoholisme en tydelike drankbeneweling onderskei word. Alkoholisme werk aftakelend op die persoonlikheid in, dit ondermyn die maatskaplike betrekkinge, die gesondheid en die arbeidsvermoë. Deur hierdie samehang van ongunstige omstandighede word die predisposisie tot misdaad verhoog. Dit moet egter in ag geneem word dat 'n jeugdige selde 'n alkoholis is. Alkoholisme is 'n

afwyking wat gewoonlik op middeljarige leeftyd betekenis by jeugmisdaad. In die geval van Chris was daar egter reeds op tienderjarige leeftyd van alkoholisme sprake.

Geval: Chris

Chris is uit Oos-Londen afkomstig. Hy is die tweede jongste in 'n gesin van 10 kinders. Die gesin moes spaarsaam werk om met die vader se verdienste uit te kom.

Chris was van die willose en lui tipe wat stokkiesdraai bo skoolgaan verkies het en geweier het om werk wat sy vader vir hom gevind het, te aanvaar.

Op agtienjarige leeftyd was Chris reeds 'n alkoholis en sy moeder het haar, in 'n beëdigde verklaring, soos volg oor sy gedrag uitgespreek: „Hy drink baie. Ons het hom al voor Kersfees op die swartlys laat sit, maar dit help niks. Hy verkoop die klere van sy lyf af om geld in die hande te kry vir drank en sigarette. Ons gee hom gereeld sakgeld en dis nie nodig dat hy sy klere moet verkoop nie. Hy neem enigiets waardevols wat hy in die huis kan kry om te verkoop. Hy het al omtrent 6 baadjies en baie ander klere van sy pa en broers geneem en gaan verkoop .....”

Chris is op 'n aanklag van diefstal na die verbeteringskool verwys. Toe het hy reeds aanklagte van roof en kwaadwillige beskadiging van eiendom op sy kerfstok gehad.

Nadat Chris vir ongeveer twee jaar aangehou is, het hy weggeloop terwyl hy met vakansie tuis was. Nege maande sou verloop voordat hy weer na die inrigting teruggebring is. Intussen is hy op 'n aanklag van dronkenskap skuldig bevind.

Na sy ontslag uit die verbeteringskool, het Chris weer spoedig met die gereg in botsing gekom.

Tydlike drankbeneweling kom veel meer by die oortreders voor. Die alkohol belemmer die funksies van die ego en super-ego met die gevolg dat die oordeelsvermoë, die vrees vir straf en die insig in die norms van die maatskappy, belemmer word. Drankmisbruik moet egter met die grootste versigtigheid as faktor by misdaadveroorsaking gereken word, aangesien dit ook gepaard gaan met die misdadiger se lewenswyse sonder dat daar noodwendig van veroorsaking sprake moet wees.

Die verdowingsmiddel wat in Suid-Afrika as dagga bekend staan en in die V. S. A. as marijuana, word van die plant Cannabis Sativa voorberei en gerook.

Die uitwerking van dagga is nog nie bo twyfel vasgestel nie. Alhoewel daar gewoonlik aanvaar word dat dit die gebruiker se inhibisies belemmer en hom sy erotiese en aggressiewe impulse laat uitlewe, het 'n navorser in 'n Amerikaanse wetenskaplike tydskrif „Military Surgeon" verklaar dat: „the smoking of the flowers and seeds of Cannabis Sativa is no more harmful than the smoking of tobacco .... It (die wetgewing) branded as a menace and a crime a matter of trivial importance" (3, bl. 102).

By dagga moet daar ook onthou word dat dit dikwels met losbandige en misdadige gedrag saamgaan sonder dat dit noodwendig in oorsaaklike verband met misdaad hoef te staan. Dieselfde geld ook vir onsedelikheid.

Die drie vorms van wangedrag wat hierbo bespreek is, kom dikwels by een enkele oortreder voor.

#### Geval: Willie

Willie se ouers het 'n sindelike lewe gelei en kon op 'n redelike wyse in die fisiese behoeftes van hulle kroos van nege voorsien. Dit is egter te betwyfel of hulle oor die persoonlikheid en insig beskik het om hulle doeltreffend te beheer en op te voed.

Willie het gaan werk toe hy slegs oor 'n st. V-sertifikaat beskik het. Sy I.K. is later op slegs 78 vasgestel. Toe die werk hom nie aangestaan het nie, het hy by die Jeugbrigade aangesluit waaruit hy weens dronkenskap oneervol ontslaan is.

Hierop het Willie by die vloot aangesluit, dog na twee jaar is hy weer weens swak gedrag ontslaan. Gedurende hierdie dienstydperk was hy dikwels onder invloed van drank en het hy, na eie bewering, dikwels sjebeens besoek. Hy verklaar dat hy soms tot £5 of £10 per nag in ontughuise bestee het.

Na sy ontslag het hy na sy tuisdorp in Wes-Transvaal teruggekeer waar hy werk as deurwagter by 'n bioskoop aanvaar het. Hy is egter ontslaan omdat hy weens dronkenskap nie sy pligte kon uitvoer nie.

Hierna het Willie na Bloemfontein gegaan waar hy, onder 'n skuilnaam, by die leër aangesluit het. Hy is na 'n eenheid wat op Potchefstroom gestasioneer was, oorgeplaas. Vanaf Potchefstroom kon hy weer dikwels ontughuise in Johannesburg besoek en, soos hyself verklaar het, het hy met sy drinkery voortgegaan. Nadat dagga by hom gevind is, is hy oneervol uit die leër ontslaan.

Vir 'n tydperk van 4 maande was Willie toe werkloos. Gedurende hierdie tydperk is hy gevonnissen op aanklag dat hy 'n ongelisensiëerde vuurwapen in sy besit gehad het. Hierdie tydperk van ledigheid is beëindig toe hy op aanklagte van inbraak skuldig bevind is en na die verbeteringskool gestuur is.

Willie is vir 30 maande aangehou alvorens hy ontslaan is. Sy gedrag was nie juis sleg nie, alhoewel daar van positiewe vordering geen sprake was nie. Hy het hom egter by 'n paar geleenthede aaninrigtingsoortredings - onder andere ook die drink van brandspiritus - skuldig gemaak.

Willie is in die sorg van sy moeder uitgeplaas. Sy aanpassing was baie swak en hy moes 'n gedwonge huwelik aangaan. Steeds het hy in oormaat gedrink en ook dagga gerook.

Twee jaar na sy ontslag is hy op veelvuldige drankwetoortredings skuldig bevind en gevonniss. Na sy ontslag uit die gevangenis is hy weer weens die rook van dagga aangekeer en gevonniss.

## 2. ONBEHEERBAARHEID

Dit is baie opvallend dat 'n groot persentasie van die oortreders buite beheer van hulle ouers was. Daar was naamlik 256 uit die totaal van 544 oortreders, of 47.1 persent, wat as onbeheerbaar bestempel is.

Onbeheerbaarheid is dikwels die gevolg van verwaarlosing deur die ouers. Die ouers steur hulle dan eenvoudig nie aan die gedrag van hulle kroos nie. In ander gevalle word daar, in plaas dat die ouer die moontlikheid vir die kind skep om hom op natuurlike wyse met die wense van die ouer te identifiseer, van te strenge strafmaatreëls gebruik gemaak. Hierdie onderdrukking lei tot hardkoppigheid en verzet en langs die weg dikwels tot onbeheerbaarheid. Weglopery kom dikwels voor waar geen of weinig emosionele bande die kind nog aan sy tuiste bind of waar straf of emosionele spanning in elk geval 'n groter krag word as die bande wat hom nog mag bind. Dit is dus van die allergrootste betekenis dat 221 of 40,5 persent van die oortreders ten minste by een geleentheid van die ouertuiste weggeloop het. Weglopery stel die kind in die besonder aan misdaad bloot.

Die geval van James kan kortliks bespreek word.

### Geval: James

James was een van 'n gesin met nege kinders wat hulle aan die Oos-Rand gevestig het. Die huis is beskryf as vuil en onaantreklik; die vader as 'n persoon wat redelik verdien dog baie geld op perdewedrenne verwed; die moeder as vuil en traak-my-nie-agtig en die kinders as 'n onmoontlike klomp wat die hele buurt op horings neem.

James se ouers het hulle aanvanklik weinig aan hulle kroos se gedrag gesteur; intendeel, hulle wou niks verkeerds van hulle kinders hoor nie. Later het hulle self egter begin deurloop onder die wangedrag van hulle kinders en moes hulle

vryelik van die lat gebruik maak.

Hierdie maatreël het geen vrugte afgewerp nie en uiteindelik moes hulle van die kinders voor die kinderhof bring. Die moeder het verklaar: "My husband and I are unable to control our children any longer . . . . (they) have been playing truant from school. The elder children have been hitting the others and I cannot be hitting them all the time and expect them to listen. My boys James and Cecil have nearly emptied my fowl run and are always throwing stones." Die vader verklaar: "The four boys pinch everything they can lay their hands on, bags, bottles, fowls, nothing they leave untouched. I have given them hidings but it does not appear to help at all." Die dogters was blykbaar net so moeilik soos die seuns en een was die moeder van 'n buite-egtelike kind.

James is weens sy wangedrag na 'n inrigting verwys, dog het nie te lank ver-toef voordat hy weggeloop het nie. Tuis het hy en van sy broers wat ook weggeloop het, 'n misdadig gepleeg en is gestraf. Ook die moeder is skuldig bevind op aanklag dat sy opgetree het as ontvanger van die goedere wat haar seuns gesteel het.

Toe James later weer oortree het, is hy na die verbeteringskool gestuur. Alhoewel hy hom in die inrigting goed gedra het, was hy spoedig na sy ontslag weer met die geregtelike botsing.

### 3. MISDAAD

Benewens die misdadig wat tot verwysing na die verbeteringskool gelei het, het 397 of 73.0 persent van die 544 oortreders reeds vorige oortredings, waarvoor hulle deur die hof gestraf is, op hulle kerfstok gehad. Hierdie oortredings beloop 1086 aparte aanklagte of gemiddeld 2.74 aanklagte per oortreder. Hierbenewens was daar ongetwyfeld baie onontdekte misdadig sowel as geringer oortredings wat miskien weens jeugdigheid van die oortreders oorgesien is. Misdadig wat tot kinderhofsake lei, word nie op die misdadigrekord geplaas nie en is dus ook nie in berekening gebring nie.

Tabel 22 toon dat 68.0 persent van die 397 oortreders met vorige oortredings, onder andere, weens diefstal skuldig bevind is, 35.3 persent, onder andere, weens inbraak en 25.7 persent, onder andere, weens motordiefstal. Slegs 'n geringe persentasie het hulle aan elk van die ander tipes misdadig gemaak. In baie van die gevalle het daar natuurlik meer as een vorm van misdadig voorgekom.

TABEL 22: VORIGE OORTREDINGS BY 397 OORTREDERS (OORTREDINGS GEPLEEG VOOR DIÉ OORTREDINGS WAT TOT VERWYSING GELEI HET)

Oortreding	Getal oortreders volgens die getal aanklagte												Deelname deur 397 oortreders	
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	Persen- tasie	To- taal
Diefstal	145	65	30	12	10	2	5	-	-	-	-	1	68.0	270
Inbraak	94	24	12	2	5	2	-	1	-	-	-	-	35.3	140
Motordiefstal <sup>1)</sup>	69	20	5	3	4	-	-	1	-	-	-	-	25.7	102
Vervalsing en bedrog	23	3	2	1	2	-	-	-	-	-	-	-	7.8	31
Roof	4	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1.3	5
Aanranding	11	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3.0	12
Seksoortreding	10	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2.5	10
Daggarook en dronkenskap	12	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3.0	12
Ander	45	6	1	-	-	-	1	-	-	-	-	1	13.6	54

Die misdade was gewoonlik eenvoudig van opset en meesal op die bevrediging van onmiddellike behoeftes gerig. Die jeugdige het byvoorbeeld oor die algemeen nog nie oor die vaardigheid beskik om ingewikkelde vorms van misdaad soos bedrog en vervalsing te pleeg nie. Onwettige drankhandel, wat meer algemeen by die volwasse oortreders voorkom, het selde voorgekom aangesien die jong oortreder, weens sy jeugdigheid, moeilik drank grootskaals kon aankoop.

Misdaad, onbeheerbaarheid, daggarokery en drankmisbruik is verskynsels wat dikwels, veral onder die ouer oortreders en veral in die stede, met mekaar gepaard gaan.

40/....

1) Poging tot motordiefstal en die bestuur van 'n motor sonder die toestemming van die eienaar is hierby ingesluit.



#### 4. BESTRAWWING DEUR DIE HOWE WEENS MISDAAD

Benewens die verskyning voor die hof wat tot verwysing na die verbeteringskool gelei het, soos blyk uit bostaande afdeling, het 397 oortreders reeds by ander geleenthede, voor verwysing, weens misdaad voor die hof verskyn. Slegs verskynings wat tot skuldigbevinding gelei het, word hier aangedui.

Onderstaande tabel toon dat slegs 27.0 persent van die oortreders nooit, in hierdie fase, weens misdaad gestraf is nie, 28.7 persent is by een geleentheid gevonnis, 25.6 persent by twee geleenthede terwyl 18.8 persent drie of meer kere gevonnis is.

TABEL 23: DIE GETAL SKULDIGBEVINDINGS VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

Getal kere skuldig bevind	Persentasie	Getal
Geen keer	27.0	147
1 keer	28.7	156
2 keer	25.6	139
3 keer	12.7	69
4 keer	5.0	27
5 keer	1.1	6
Totaal	100.0	544

Dit is dus duidelik dat bykans driekwart van die oortreders, met verwysing, reeds residiviste was.

Onderstaande tabel toon dat baie oortreders reeds op jeugdige leeftyd voor 'n hof verskyn het. Van die 397 residiviste was 13.3 persent slegs 12 jaar oud of jonger en 21.9 persent was 13 of 14 jaar oud by die eerste verskyning voor die hof.

TABEL 24: OUDERDOM BY DIE EERSTE VERSKYNING VOOR DIE HOF<sup>1)</sup> VOOR VERWYSING BY 397 BETROKKE OORTREDERS

Ouderdom	Persentasie	Getal
12 jaar en jonger	13.3	53
13-14 jaar	21.9	87
15-16 jaar	33.0	131
17 en ouer	31.7	126
Totaal	100.0	397

41/.....

<sup>1)</sup> Aangesien die kinderhof nie straf nie maar slegs 'n kind as sorgbehoewend kan verklaar. word verskyning voor 'n kinderhof uitgesluit.

Tabel 25 toon dat ongeveer twee-derdes van die betrokke oortreders binne twee jaar na die eerste verskyning in die hof wat op skuldigbevinding uitgeloopt het, na die verbeteringskool verwys is. By een-derde van die oortreders was die tydperk langer as twee jaar.

TABEL 25: DIE TYDPERK TUSSEN DIE EERSTE VERSKYNING VOOR DIE HOF EN VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOI BY 397 BETROKKE OORTREDERS.

Tydperk	Persentasie	Getal
6 jaar en meer	3.8	15
4 - 5.9 jaar	8.3	33
2 - 3.9 jaar	20.7	82
0 - 1.9 jaar	67.3	267
Totaal	100.0	397

Die mees algemene vonnis wat by die groep wat reeds vorige veroordelings gehad het, gevel is, was lyfstraf. Tabel 26 toon dat slegs 35.3 persent van die betrokke 397 oortreders nie lyfstraf ontvang het nie. Dit blyk ook dat 'n aansienlike persentasie van die gevalle 'n aansienlike aantal houes ontvang het.

TABEL 26: LYFSTRAF VOLGENS GETAL HOUE ONTVANG AS VONNIS BY 397 OORTREDERS MET VORIGE OORTREDINGS

Houe	Persentasie	Getal
Geen	35.3	140
5 en minder	17.9	71
6 - 11	34.8	138
12 - 17	9.1	36
18 en meer	3.0	12
Totaal	100.0	397

Tabel 27 gee 'n aanduiding van ander tipe vonnisse as lyfstraf wat gevel is. Dit weerspieël die feit dat, benewens die oplegging van lyfstraf, slegs strawwe opgelê word wat die oortreder nie werklik straf nie, dog tot goeie gedrag probeer bind. Gevangenisstraf met of sonder die keuse van 'n boete, wat selde voorkom, was die enigste uitsondering.

TABEL 27: VONNISSE (LYFSTRAF UITGESLUIT) WAT DEUR DIE HOWE GEVEL IS BY 397 OORTREDERS MET VORIGE OORTREDINGS

Vonnis	Persentasie	Getal
Uitgestelde vonnis	40.6	155
Opgekorte vonnis	14.1	54
Proefbeampte-toesig met of sonder ander straf	11.8	45
Waarskuwing	16.5	63
Tronkstraf met 'n keuse van boete	12.0	46
Tronkstraf sonder 'n keuse van boete	5.0	19
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>382</b>

Dit is bekend dat 22 van die oortreders gevangenisstraf opgelê is en dit wil dus voorkom asof die meeste wat tot keusestrawwe (boete alternatief tronkstraf) gevonniss is, wel die boete kon betaal.

Tabel 28 toon welke tydperk die gevalle wat gevangenisstraf opgelê is, in die gevangenis deurgebring het. Uit bogenoemde tabel blyk dit dat slegs 'n klein persentasie, naamlik 9.1 persent van die 22 gevalle wat gevangenisstraf opgelê is, meer as ses maande in die gevangenis deurgebring het.

TABEL 28: DIE TYDPERK IN DIE GEVANGENIS DEUR 22 BETROKKE OORTREDERS DEURGEBRING

Tydperk	Persentasie	Getal
Minder as 3 maande	54.5	12
3 tot 6 maande	36.4	8
Meer as 6 maande	9.1	2
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>22</b>

Dit blyk dus dat bykans driekwart van die oortreders reeds in howe gevonniss is. Die straf en voorkomingsmaatreëls het nie daarin kon slaag om hierdie groep oortreders te rehabiliteer of af te skrik nie, aangesien hulle later in die verbeteringskool beland het. Baie van die 397 gevalle wat hier onder bespreking is, was ook in inrigtings en ook die versorging en behandeling wat hier ontvang is, het geen verandering ten goede kon bewerkstellig nie.

## 5. INRIGTINGSVERSORGING

'n Groot persentasie van die oortreders is re ringskool weens misdaad, verwaarlosing, armoede en onbeheerbaarheid deur die kinderhof sorgbehoewend verklaar en na inrigtings soos nywerheidskole, weeshuise en ander gesertifiseerde inrigtings verwys.

Dit blyk uit tabel 29 dat 51.8 persent van die oortreders nie voor verwysing na die verbeteringskool in inrigtings was nie, 21.5 persent was in een inrigting, 15.6 persent in twee, 7.4 persent in drie, terwyl daar selfs gevalle was/wat in 4 of 5 inrigtings versorg is.<sup>1)</sup>

TABEL 29: DIE AANTAL INRIGTINGS WAARIN DIE OORTREDERS BEHANDELING ONTVANG HET VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOI

Getal inrigtings besoek	Persentasie	Getal
Geen	51.8	282
1	21.5	117
2	15.6	85
3	7.4	40
4	2.4	13
5	1.3	7
Totaal	100.0	544

'n Groot persentasie van die oortreders (soos blyk uit tabel 30) is reeds op betreklike jeugdige leeftyd in inrigtings opgeneem. Alhoewel aanhouding dikwels slegs tydelik was, het dit vir baie egter die einde van die gesinslewe beteken.

TABEL 30: DIE OUDERDOM BY EERSTE TOELATING TOT 'N INRIGTING BY DIE 262 OORTREDERS WAT VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOI INRIGTINGSBEHANDELING ONTVANG HET

Ouderdom	Persentasie	Getal
10 jaar en jonger	25.6	67
11-13 jaar	20.2	53
14-16 jaar	28.2	74
17 jaar en ouer	9.2	24
Onbekend	16.8	44
Totaal	100.0	262

44/....

<sup>1)</sup> Aanhouding in plekke van veiligheid is nie in berekening gebring nie.

'n Groot persentasie van die gevalle wat in inrigtings was, was inrigtingsmis-  
lukings wat ernstige dissiplinêre probleme geskep het en nie kon aanpas en by die  
inrigtingsprogram baat vind nie. Die algemeenste vorms van inrigtingsoortredings  
was weglopery, seksuele oortredings en diefstal. Weglopery, soos onderstaande  
tabel aandui, het baie algemeen voorgekom.

TABEL 31: WEGLOPERY UIT DIE LAASTE INRIGTING VOOR VERWYSING  
WAARIN DIE BETROKKE 262 OORTREDERS AANGEHOU IS

Kere weggeloop	Persentasie	Getal
Geen	1.1	3
1 en 2	32.1	84
3 en 4	22.1	58
5 en 6	7.3	19
7 en meer	6.1	16
„Dikwels“	2.7	7
Onbekend	28.6	75 <sup>1)</sup>
Totaal	100.0	262

Benewens weglopery uit die laaste inrigting, het oortreders wat in meer as een  
inrigting was, ook uit ander inrigtings weggeloop. Gevalle wat in meer as een in-  
rigting was, is dan ook gevalle wat meesal vanweë hulle weglopery van een na 'n  
ander inrigting oorgeplaas word.

## 6. SAMEVATTING

Anti-sosiale gewoontes soos drankmisbruik, daggarokery en onsedelikheid het  
onderskeidelik by 14.9, 7.5 en 12.5 persent van die oortreders, voor verwysing na  
die verbeteringskool, voorgekom. Aangesien dergelike afwykings moeilik waarneem-  
baar is, is hierdie syfers moontlik veel laer as die werklike omvang.

Onbeheerbaarheid het by 47.1 persent van die gevalle voorgekom, terwyl 40.5  
persent van die ouertuistes weggeloop het. Hierdie syfers dui op 'n besonder swak  
ouer-kind verhouding.

45/.....

1) Die onbekende gegewens het veral voorgekom waar oortreders op jeugdige  
leeftyd in inrigtings opgeneem is en lank voor verwysing na die verbeteringskool  
die inrigtings verlaat het. Geen gegewens of rekords ten opsigte van gedrag  
tydens vorige aanhouding kon in baie van hierdie gevalle gevind word nie. Dit  
is waarskynlik dat oortreders in hierdie groep hulle nie aan weglopery skuldig  
gemaak het nie.

Benewens misdaad wat direk tot verwysing gelei het, het 73.0 persent van die oortreders reeds ander misdaad, waarop hulle skuldig bevind en gevonniss is, alvorens hulle in die verbeteringskool opgeneem is, gepleeg. Hierdie oortreders het reeds op hierdie vroeë stadium gemiddeld 2.74 aanklagte per oortreder op hulle kerfstok gehad.

Die meeste van die 73.0 persent met „vorige“ oortredings het by een of meer geleenthede lyfstraf wat deur die hof opgelê is, ontvang. Slegs 35.3 persent het geen lyfstraf ontvang nie. Verder is die oortreders vir hulle vorige oortredings veral uitgestelde en opgeskorte vonnisse opgelê, dit wil sê vonnisse wat daarop gerig is om die oortreder tot goeie gedrag te bind. Sover bekend, het 22 van die oortreders gevangenisstraf ontvang alvorens hulle in die verbeteringskool opgeneem is.

Byna die helfte (48.2%) van die oortreders het voor verwysing na die verbeteringskool in inrigtings beland. Soos duidelik uit die statistiek oor wegloperij blyk, kon die meeste van hierdie gevalle hulle nie in die inrigtings aanpas nie.

Die verbeteringskool het dus onder andere ook oortreders opgeneem wat, benewens die ernstige gedragsprobleme wat openbaar is, nie op straf en inrigtings-behandeling gereageer het nie.

## HOOFSTUK 6

### VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOI

In hierdie hoofstuk word daar gewys op die redes vir die verwysing van die jeugoortreder na die verbeteringskool.

Die misdaad van die oortreders wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is slegs dié wat tot verwysing gelei het en moet van die „vorige oortredings“, wat in die vorige hoofstuk bespreek is, onderskei word.

#### 1. OPNEMING IN OF VERWYSING NA DIE VERBETERINGS L

Die Kinderwet, Wet Nr. 31 van 1937, onderskei drie maniere waarop 'n jeugdige in 'n verbeteringskool opgeneem kan word:

- (a) Deur 'n direkte vonnis - artikel 103(1)(b): „Een hof waarin iemand die minder dan negentien jaren oud is, aan een of andere oortreding schuldig bevonden is geworden, kan, in plaats van hem wegens die oortreding te straffen (doch behoudens de bepalingen van sub-artikel (1) van artikel drie honderd acht en dertig) . . . . bevelen dat hij verwezen worde naar een zoals voormeld omschreven verbeteringshuis.“
- (b) Deur oorplasing van 'n nywerheidskool, ander gesertifiseerde inrigting of vanuit wetlike opgelegde beheer of toesig soos byvoorbeeld die van 'n proefbeampte - artikel 47(1): „Behoudens die bepalingen van sub-artikel (3), mag die Minister by skriftelike bevel, 'n leerling of kind oorplaas van 'n gestig waarna hy deur een of ander gesag wettig verwys is of van 'n bewaring waarin, of 'n beheer of toesig waaronder hy deur een of ander gesag wettig geplaas is, na 'n gestig waarna daardie gesag hom wettig sou kon verwys het of na 'n bewaring waarin of onder 'n beheer of toesig waaronder daardie gesag hom wettig sou kon verwys het.“
- (c) Deur oorplasing vanuit 'n gevangenis of tronk na 'n verbeteringskool - artikel 47(5): „Die Minister van Justisie mag, na raadpleging met die Minister, by skriftelike bevel iemand onder die leeftyd van een-en-twintig Jaar, wat in 'n gevangenis of tronk gevangenisstraf ondergaan, waarvan die onverstreke tydperk nie minder as vier maande bedra nie, na 'n verbeteringshuis of na 'n gesertifiseerde tehuis oorplaas, en vanaf dié datum van die bevelskrif word bedoelde persoon geag na daardie verbeteringshuis of gesertifiseerde tehuis gestuur te wees kragtens artikel drie-honderd-en-veertig van die „Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering, 1917“ (soos gewysig deur artikel honderd-en-drie van hierdie Wet).“

Dit blyk uit onderstaande tabel dat die meeste van die oortreders, naamlik 73.0 persent, deur die howe direk na die verbeteringskool gevonniss is. 'n Verdere 25.2 persent is vanaf inrigtings, veral nywerheidskole, oorgeplaas, 0.9 persent vanuit proefbeampte-toesig en 0.9 persent vanaf gevangnisse.

TABEL 32: DIE WYSE WAAROP DIE OORTREDERS NA DIE VERBETERINGSKOOI VERWYS IS

Verwysing	Persentasie	Getal
Direk deur howe gevonniss	73.0	397
Oorplasing uit nywerheidskool	20.6	112
Oorplasing uit gesertifiseerde inrigtings	4.6	25
Oorplasing uit proefbeampte-toesig	0.9	5
Oorplasing uit gevangnisse	0.9	5
Totaal	100.0	544

## 2. MISDAAD WAT TOT VERWYSING GELEI HET

Benewens die 397 gevalle wat weens misdaad direk na die verbeteringskool verwys is en wat in die vorige afdeling bespreek is, was daar nog 23 ander gevalle wat nie deur die hof na die verbeteringskool gevonniss is nie, dog by wie misdaad direk tot oorplasing vanuit 'n ander inrigting na die verbeteringskool gelei het.

Van hierdie 420 oortreders het 320 slegs één tipe oortreding, soos byvoorbeeld diefstal of vervalsing, gepleeg. Die meeste van hierdie oortreders het diefstal (41.9%), inbraak (23.8%) en motordiefstal (23.1%) gepleeg.



TABEL 33: DIE MISDAAD WAT TOT VERWYSING EI HET BY DIE OORTREDERS WAAR SLEGS EEN TIPE OORTREDING VOORGEKOM HET

Tipe oortreding	Persentasie	Getal
Diefstal	41.9	134
Inbraak	23.8	76
Motordiefstal	23.1	74
Vervalsing en bedrog	3.8	12
Aanranding	0.3	1
Poging tot en medepligtig aan moord	0.6	2
Roof	1.9	6
Seksoortredings	2.5	8
Dronkenskap en daggarook	0.6	2
Ander (kwaadwillige beskadiging van eiendom, ontsnapping, drankwetoortredings, ens.)	1.6	5
Totaal	100.0	320

Honderd van die 420 oortreders is op grond van meer as een tipe oortreding, soos byvoorbeeld diefstal en vervalsing, na die verbeteringskool verwys.

Tabel 34 is saamgestel om aan te toon welke persentasie van 420 oortreders wat weens misdaad na die verbeteringskool verwys of oorgeplaas is, deel aan elke misdaadsoort gehad het en welke aantal oortredings (aanklagte) by elke tipe misdaad voorgekom het. Dit blyk dat byna die helfte van die 420 oortreders, onder andere, gewone diefstal gepleeg het. Die tabel toon ook dat sommige oortreders, vir een tipe misdaad, talle individuele oortredings begaan het. So blyk dit dat 4 oortreders, op 10 aanklagte van inbraak skuldig bevind is en een op twaalf aanklagte. Hierdie oortreders kon natuurlik ook nog ander tipes misdaad gepleeg het.

TABEL 34: MISDAAD VOLGENS AANKLAGTE E OORTREDERS  
 WAT AS GEVOLG VAN MISDAAD NA DIE VERBETERINGSKOOL  
 GEVONNIS OF OORGEPLAAS IS

Misdraad	Getal oortreders volgens getal aanklagte												Deelname deur 420 oortreders	
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	Persen- tasie	Getal
Diefstal	132	35	14	10	7	1	-	1	-	-	2	1	48.3	203
Inbraak	66	23	9	4	7	7	2	2	1	4	-	1	30.0	126
Motordiefstal	64	28	6	5	7	1	3	-	-	-	2	-	27.6	116
Vervalsing en bedrog	16	3	4	2	1	1	-	1	-	2	-	-	7.1	30
Aanranding	4	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1.0	4
Poging tot en medepligtig aan moord	2	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0.5	2
Roof	9	2	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2.9	12
Seksoortredings	9	1	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2.6	11
Dagga-oortredings	4	2	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1.4	6
Ander (kwaadwillige beskadi- ging van eiendom, ontsnapping, drankwetoortreding, ens.)	20	9	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	7.1	30

Die 420 oortreders het altesaam op 1098 aanklagte tereggestaan, dit wil sê elkeen op gemiddeld 2.61 aanklagte.

Om 'n algemene tipering van die opset en modus operandi van die oortredings te gee, is geen gemaklike taak nie. Gewone diefstal was dikwels eenvoudig in opset en is geld of klere gewoonlik van 'n vriend, ouer, of kamermaat gesteel. Soms was hierdie misdade uiters naïef met uiters gebrekkige ontsnappingsgeleenthede. Een oortreder het byvoorbeeld 'n fiets van 'n vriend geleen en dit daarop gaan verkoop terwyl 'n ander oortreder, 'n roomysverkoper, sy roomyskarretjie en wit baadjie nie by die fabriek gaan terugbesorg het nie.

Inbraak het die gewone patroon gevolg. Toegang is tot woonhuise en woonstelle verkry ten einde geld, klere of ander artikels te buit. Inbraak in fabriek, pakkamers en kantore het ook voorgekom.

Motordiewe (waaronder ook motorfietsdiewe gereken is) het veral oortree ten einde voertuie vir plesierritte te bekom. Raak die brandstof op, word die motor gewoonlik net daar gelaat. In ander gevalle egter, is motors veral gesteel om hulle van onderdele soos buitebande, radios, batterye en gereedskap te stroop.

Veral populêr by die groep vervalsers en bedrogplegers was poskantoor spaarbankboekies wat of in eie besit was of gesteel is. Bedrog en vervalsing met tjeks het ook voorgekom, dog dan veral waar die tjek deel van die buit by 'n ander misdaad soos diefstal, inbraak of roof was. Dit wil voorkom asof die jeugoortreder selde doelbewus na die middele om bedrog of vervalsing te pleeg, soek.

Aanranding en ander geweldsmisdade het betreklik selde voorgekom. By verkragting was dit opvallend dat die oortreders met 'n lae intelligensie bedeed was en dat die slagoffers deurgaans jong dogters - nie een van die slagoffers het reeds die puberteit stadium bereik nie - was.

Dit is 'n algemene verskynsel dat die jeugoortreder sy misdaad dikwels in die geselskap van ander jeugdige pleeg, dog dat goedgeorganiseerde bendes selde voorkom. Waar meer as een oortreder 'n misdaad pleeg, is die verhouding tussen hulle gewoonlik los en dikwels van verbygaande aard. Onderstaande tabel toon aan hoe oortreders A, B en C oor 'n tydperk van twee maande by motordiefstalle betrokke was. Dit blyk dat A by 11 misdade betrokke was en behalwe by drie van hierdie oortredings, altyd vergesel van een maat, of B of C, was.

TA EL 35: DEELNAME VAN 3 OORTREDERS AAN 11 MOTORDIEFSTALLE  
(X TOON MEDEDADERSKAP AAN)

Datum van oortreding	Mededadige		
	A	B	C
9/11/46	X		X
30/11/46	X		X
3/12/46	X	X	
3/12/46	X	X	
13/12/46	X		
24/12/46	X		X
26/12/46	X		X
28/12/46	X		
6/ 1/47	X	X	
7/ 1/47	X	X	
11/ 1/47	X		

Tabel 36 toon dat daar by 53.6 persent van die totale getal oortredings (aanklagte) slegs een oortreder betrokke was. By die res was twee of meer oortreders betrokke.

TABEL 36: DIE AANTAL OORTREDERS BETROKKE BY DIE AANKLAGTE WAT TOT VERWYSING GELEI HET

Aantal oortreders betrokke	Persentasie	Getal aanklagte
1	53.6	589
2	26.7	293
3	9.7	107
4	3.4	37
5	1.1	12
6	1.5	16
Onbekend	4.0	44
Totaal	100.0	1098

### 3. OORPLASING

Geen statistiek kan verskaf word om die oorsake van oorplasing van ander inrigtings na die verbeteringskool aan te dui nie, aangesien 'n hele reeks faktore gewoonlik by elke geval werksaam was soos byvoorbeeld weglopery, seksuele wangedrag, diefstal, mishandeling van ander en gewoonlik jonger seuns en, ten slotte, die algemene onvermoë om by die inrigtingsroetine aan te pas en baat by die opleidingsprogram te vind.

Weglopery is een van die belangrikste redes vir oorplasing van 'n ander inrigting na die verbeteringskool.

#### Geval: Percy

Percy het op twaalfjarige ouderdom onder die aandag van die proefbeampte gekom toe hy verseg het om skool toe te gaan. Sy grootste genot was om in die strate van Johannesburg rond te slenter. Tuis het die allertreurigste toestande geheers. Sy moeder was reeds 6 jaar tevore oorlede en hy het in 'n vervalde agterbuurkamertjie op een bed met sy vader geslaap. Van sy kronies besope vader kon hy genoeg steel om vir homself te sorg.

Percy is na 'n weeshuis gestuur waar hy 'n geruime tyd sou vertoef. Of hy ooit van die weeshuis weggeloop het, is nie bekend nie. Nadat hy egter na 'n nywerheidsskool oorgeplaas is, was die gort gaar en het hy by vier geleenthede gedros. Eke keer het hy na Johannesburg gegaan waar hy, soos hy self verklaar het, "dareem ook sy mense kon besoek het." Percy is toe na 'n ander nywerheidsskool wat verder van

sy geliefde Goudstad af is, oorgeplaas. Weer het hy by drie geleenthede weggeloop.

Ten einde raad is Percy toe na die nywerheidskool wat die verste van Johannesburg af is, gestuur. Die hoop dat die afstand hom sou afskrik, is egter verydel, want slegs een dag na sy opneming het hy weer weggeloop. Hy het hom in 'n trein versteek en na Johannesburg teruggekeer.

Hierop is Percy na die verbeteringskool gestuur. Hier het hy nooit weggeloop nie en in 'n stil en aangename seun ontwikkel.

Percy het geen misdaad in die opvolgtydperk begaan nie.

Sodomie was by verre die algemeenste vorm van sekswangedrag wat tot oorplasing van ander inrigtings na die verbeteringskool gelei het. Sodomiste skep 'n besondere probleem aangesien hulle poog om ander, en veral jonger seuns, tot die gebruik oor te haal.

#### Geval: Dennis

Dennis is op dertienjarige leeftyd as sorgbehoewende kind na 'n nywerheidskool gestuur. Seksuele wangedrag, bakleiery en kleindiewery het tot sy verwysing aanleiding gegee.

Aan die nywerheidskool het Dennis se perversie, sodomie, al ernstiger afmetings begin aanneem en hy het van die jonger seuns tot die gebruik oorgehaal. Hierbenewens het hy ook diefstal gepleeg en by een geleentheid, toe hy met vakansie tuis was, vervolging op 'n nippertjie vrygespring toe hy 'n posbus aan die brand gesteek het. Hierop is Dennis na die verbeteringskool oorgeplaas.

Sy gedrag in die verbeteringskool was redelik en daar is geen oortreding vir sodomie teen hom aangeteken nie. Nadat hy met vergunning vrygelaat is, het hy egter met 'n vyfjarige seuntjie wat hy vanaf die strand na sy kamer gelok het, sodomie gepleeg. Hy is deur die hof lyfstraf opgelê en sy vergunning is ingetrek. Na 'n verdere 14 maande in die inrigting is hy weer ontslaan.

Gedurende die vyfjaar-opvolgperiode is Dennis vier keer weens gewone diefstal gevonnissen en twee keer omdat hy onsedelike daade met jong dogtertjies gepleeg het.

#### 4. SAMEVATTING

Die meeste van die oortreders, naamlik 73.0 persent, is direk deur die houe na die verbeteringskool gevonnissen, 20.6 persent is uit nywerheidskole oorgeplaas; 4.6 persent vanaf gesertifiseerde inrigtings, 0.9 persent uit proefbeampte-toesig en 0.9 persent uit gevangnisse.

Die misdaad van 420 van die oortreders is ontleed. Van hierdie gevalle is 397, soos hierbo vermeld, direk gevonnissen terwyl 23 gevalle, na die pleeg van 'n misdaad, vanaf 'n ander inrigting na die verbeteringskool oorgeplaas is.

Van die 420 oortreders het 320 slegs een tipe oortreding begaan, terwyl 100 meer as een, soos byvoorbeeld diefstal en vervalsing, gepleeg het. Diefstal het die meeste voorgekom. Van die 420 oortreders het 48.3 persent hulle dan ook, onder andere, aan diefstal skuldig gemaak. Huisbraak en motordiefstal waaraan onderskeidelik 30.0 en 27.6 persent van die oortreders deel gehad het, het ook algemeen voorgekom.

Die 420 oortreders het altesaam op 1098 aanklagte tereggestaan, dit wil sê gemiddeld 2.6 aanklagte per geval. By 53.6 persent van die individuele aanklagte was daar slegs een oortreder betrokke, terwyl daar by die res twee of meer oortreders mededadig was.

Oorplasing uit nywerheidskole of gesertifiseerde inrigtings geskied waar jeugdiges hulle aan kroniese wangedrag soos weglopery, seksuele oortredings of diewery skuldig maak.

## HOOFSTUK 7

### DIE OORTREDER IN DIE VERBETERINGSKOOL

Die aanpassing en vordering van die jeugoortreder in die inrigting is vir die Penologie van die allergrootste belang. Tot dusver is goeie gedrag en vordering die vernaamste aanduiding van wanneer, indien wel, 'n oortreder op parool - of in die geval van die verbeteringskool met vergunning - ontslaan kan word. Die teorie is dus dat goeie aanpassing en vordering in die inrigting die kanse op suksesvolle aanpassing in die maatskappy versterk.

#### 1. DIE OUDERDOM BY VERWYSING

Dit blyk uit onderstaande tabel dat die ouderdom van die oortreders by verwysing na die verbeteringskool aanmerklik wissel. Sommige van die oortreders is kinders jonger as 15 jaar, terwyl ander weer jong volwassenes van 19 en selfs nog ouer is. Ongeveer 'n kwart van die gevalle was met verwysing jonger as 17 jaar, terwyl driekwart 17 jaar en ouer was.

TABEL 37: DIE OUDERDOM VAN DIE OORTREDERS BY VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

Ouderdom	Persentasie	Getal
Onder 15	4.3	23
15 en 16	20.8	113
17 en 18	47.1	256
19 en ouer	27.9	152
Totaal	100.0	544

#### 2. GEDRAG EN VORDERING

Die algemene gedrag, ambags- en skoolvordering van elke oortreder is van tyd tot tyd op sy rekord aangeteken.

Die meeste oortreders se gedrag was redelik.

TABEL 40: DIE SKOOLVORDERING VAN DIE OORTREDERS IN DIE VERBETERINGSKOOL

Skoolvordering	Persentasie	Getal
Goed	9.6	52
Redelik	43.2	235
Swak	33.3	181
Onbekend	14.0	76
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>

Die inrigting slaag egter tog daarin om die opvoedkundige kwalifikasies van die oortreders op te skuif. Dit blyk uit tabel 41 dat met toelating, 36.8 persent van die oortreders nie oor 'n st. VI-sertifikaat beskik het nie, terwyl slegs 15.1 persent die inrigting sonder 'n st. VI-sertifikaat verlaat het.

TABEL 41: DIE HOOGSTE SKOOLSTANDERD DEUR DIE OORTREDERS GESLAAG VOOR VERWYSING EN MET VERLATING VAN DIE INRIGTING

Skoolstanderd geslaag	By verwysing		Met verlatting	
	Persen- tasie	Getal	Persen- tasie	Getal
Onder 4	5.7	31	1.1	6
4 - 5	31.1	169	14.0	76
6 - 7	50.2	273	72.2	393
8 en meer	4.4	24	8.6	47
Onbekend	8.6	47	4.0	22
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>

### 3. INRIGTINGSOORTREDINGS

Tabel 42 gee 'n aanduiding van die voorkoms van die verskillende tipes inrigtingsoortredings wat deur die oortreders begaan is. Weglopery, wat ook een van die ernstigste vorms van inrigtingsoortreding is, kom die meeste voor en 55.1 persent van die oortreders het dan ook, by een of meer geleenthede, weggeloop.



TABEL 42: DIE AARD VAN DIE INRIGTINGSOORTREDINGS DEUR DIE OORTREDERS IN DIE VERBETERINGSKOOL BEGAAN

Inrigtingsoortredings	Persentasie en getal van 544 oortreders	
	Persentasie	Getal
Weglopery	55.1	300
Poging tot of beplanning van weglopery	21.3	116
Diefstal	19.9	108
Insubordinasie	12.9	70
Aanranding en vegtery	5.5	30
Sodomie	7.9	43
Rookoortredings	18.9	103
Skool- en werkwinkeloortredings	10.8	59
Daggarook	3.5	19
Ander (gebruik onweloweglike taal, smokkelhandel, verkwansel of ruil van klere, ens.)	31.8	173

In tabel 43 word die getal inrigtingsoortredings wat deur elke oortreder gepleeg is, aangedui. Uit hierdie tabel blyk dit dat 41.5 persent van die oortreders geen of slegs een oortreding begaan het. Die res het twee of meer oortredings op rekord gehad.

TABEL 43: DIE GETAL INRIGTINGSOORTREDINGS DEUR DIE OORTREDERS IN DIE VERBETERINGSKOOL BEGAAN

Getal oortredings	Persentasie	Getal
Geen of slegs 1	41.5	226
2 en 3	29.2	159
4 en 5	14.5	79
6 en 7	7.5	41
8 en meer	7.2	39
Totaal	100.0	544

#### 4. WEGLOPERY

Weglopery is een van die ernstigste probleme waarmee die verbeteringskool te kampe het. Loop 'n oortreder weg, dan word die hele opvoedingsproses vertraag en alles wat bereik is, word dikwels weer afgebreek. Weglopery spoor blykbaar ook ander oortreders aan en verder stel die wegloper homself in die besonder aan mis-

daad bloot. Sonder geld, kos, meer paslike klere en vervoer, is misdaad dikwels die enigste uitweg.

Weglopery is betreklik maklik. Aangesien dit gemeen word dat strenger bewaking die heropvoedingsproses sal benadeel, is die verbeteringskool 'n „oop" inrigting en geen van die hekke wat toegang tot die inrigting verleen, word gesluit nie. Verder is daar, behalwe miskien in die strafhostel, geen of weinig sprake van bewaking. Die inrigting is self ook in 'n „ontsnappersparadys", omring deur wingerde, plantasies, kleurling-woonbuurte en digby Kaapstad, geleë.

Tabel 44 toon dat slegs 44.9 persent van die oortreders nooit gedros het nie. Die res het by een of meer geleenthede gedros.

TABEL 44: DIE VOORKOMS VAN WEGLOPERY BY DIE OORTREDERS IN DIE VERBETERINGSKOOL

Kere weggelooop	Persentasie	Getal
Geen	44.9	244
1 keer	30.0	163
2 keer	15.6	85
3 keer	5.0	27
4 keer	2.6	14
5 keer	1.5	8
6 en meer	0.6	3
Totaal	100.0	544

Dit blyk uit tabel 45 dat baie van die weglopers daarin slaag om vir 'n geruime tyd in vryheid te verkeer en dan is daar, soos later aangetoon sal word, 'n aansienlike persentasie van die weglopers wat nooit na die inrigting terugkeer nie. Bykans een uit elke vyf weglopers word egter binne 24 uur na hulle ontsnapping, na die inrigting teruggebring.

TABEL 45: DIE TYDPERK WAT DIE OORTREDERS IN VRYHEID VERKEER HET BY NIE-FINALE ONTSNAPPING UIT DIE VERBETERINGSKOOL

Tydperk in vryheid	Persentasie	Getal
0 -23 uur	19.3	78
1 - 6 dae	25.4	103
1 - 3 weke	21.7	88
4 - 10 weke	13.6	55
11 - 20 weke	10.6	43
21 weke en langer	9.4	38
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>405</b>

Tabel 46 gee 'n uiteensetting van die omvang van die misdaad wat weglopers (wat weer na die inrigting teruggebring is) in die tydperk wat hulle in vryheid verkeer het, gepleeg het. Van die 300 oortreders wat by een of meer geleenthede weggeloop het, het 129 weglopers in die tydperk tussen ontsnapping en heropname, misdaad gepleeg. Soos blyk uit die volgende hoofstuk het verreweg die meeste van die oortreders wat uit die inrigting weggeloop het en nie weer teruggebring is nie, ook in misdaad teruggeval.

TABEL 46: WEGLOPERS WAT WEER IN DIE VERBETERINGSKOOL OPGENEEM IS SE MISDADE TYDENS WEGLOPERY

Misdraad	Getal oortreders volgens getal aanklagte										Persentasie	Getal
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10		
Diefstal	39	16	6	-	3	1	-	-	-	-	50.4	65
Motordiefstal	41	14	3	3	1	-	-	-	4	2	52.7	68
Inbraak	31	15	3	1	1	-	-	-	2	-	41.1	53
Vervalsing en bedrog	2	-	-	-	1	-	-	-	-	-	2.3	3
Aanranding	4	1	-	-	-	-	-	-	-	-	3.9	5
Roof	4	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3.1	4
Dronkenskap en Dagga-rook	3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2.3	3
Ander oortredings	18	8	-	-	1	-	-	-	-	-	20.9	27

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat motordiefstal die grootste persentasie van die misdaad wat by die weglopers voorkom, uitmaak. Soos te verwagte is, is daar 'n sterk behoefte by die weglopers om vervoermiddels te bekom om hulle uit die omgewing van die inrigting uit die voete te maak en om na hulle tuistes terug te keer. Terwyl motordiefstal hier die meeste voorkom, is dit slegs derde op die lys van misdade wat voor verwysing voorgekom het en ook derde op die lys van misdaad wat direk tot verwysing gelei het.

Indien die getal misdade wat deur weglopers gepleeg is alvorens hulle na die inrigting teruggeneem is, met die getal werklike gevalle van weglopery in verband gebring word, dan blyk dit dat daar 1.03 aanklagte waarop skuldigbevinding gevolg het, deur die houe verhoor is vir elke afsonderlike geval van weglopery ( $\frac{417 \text{ aanklagte}}{405 \text{ ontsnappings}} = 1.03$ ).

## 5. MISLUKTE UITPLASING MET VERGUNNING

Indien die gedrag van die oortreder dit regverdig, kan die inrigting hom, kragtens artikel 41 van die Kinderwet (Wet Nr. 31 van 1937) met vergunning in die sorg van 'n geskikte persoon uitplaas. Maak hy hom in hierdie tyd aan swak gedrag of misdaad skuldig, of hou hy hom nie by die ander voorwaardes van sy vergunning nie, kan die vergunning ingetrek en die oortreder na die inrigting teruggebring word.

Byna 'n sesde van die 544 oortreders is reeds, voor finale verlating van die inrigting, met vergunning ontslaan maar die vergunning is weer ingetrek en die oortreders moes weer na die verbeteringskool terugkeer.

TABEL 47: DIE VOORKOMS VAN MISLUKTE UITPLASING MET VERGUNNING BY DIE OORTREDERS

Mislukte vergunning	Persentasie	Getal
Ja	15.8	86
Nee	84.2	458
Totaal	100.0	544

Die 86 gevalle waarvan die vergunning teruggetrek is, het gedurende die periode van vryheid, gemiddeld 1.95 oortredings (aanklagte), waarop hulle tereggestaan en veroordeel is, begaan. Volgens tabel 48 het 34.9 persent van hierdie gevalle diefstal gepleeg, 24.4 persent inbraak en 22.1 persent motordiefstal. Ander tipes van oortredings het veel minder voorgekom.

TABEL 48: MISDAAD DEUR DIE OORTREDERS GEDURENDE DIE TYDPERK VAN „MISLUKTE VERGUNNINGS" GEPLEEG

Misdaad	Getal oortreders volgens getal aanklagte							Deelname deur 86 oortreders met „mislukte vergunnings"	
	1	2	3	4	5	6	7	Persentasie	Getal
Diefstal	19	5	2	1	-	2	1	34.9	30
Motordiefstal	15	2	1	1	-	-	-	22.1	19
Inbraak	11	3	1	3	-	1	2	24.4	21
Vervalsing en bedrog	3	2	-	-	2	-	-	8.1	7
Aanranding	2	-	-	-	-	-	-	2.3	2
Dronkenskap en daggarook	2	1	-	-	-	-	-	3.5	3
Seksoortredings	1	-	-	-	-	-	-	1.2	1
Ander oortredings	5	1	-	-	-	-	-	7.0	6

## 6. FINALE VERLATING VAN DIE INRIGTING

Die meeste van die oortreders het die inrigting finaal met vergunning verlaat. 'n Aansienlike persentasie het die inrigting egter finaal op onwettige wyse, deur weg te loop, verlaat.

TABEL 49: DIE WYSE WAAROP DIE OORTREDERS DIE VERBETERINGSKOOL VERLAAT HET

Wyse van verlating	Persentasie	Getal
Met vergunning ontslaan	67.6	368
Wegge loop	23.3	127
Onthef van die Kinderwet	6.3	34
Oorgeplaas na:		
1. Nywerheidskole	1.1	6
2. Jeughostels	1.1	6
3. Gevangenis of vir verhoor	0.4	2
4. Inrigtings vir sielsiekes	0.2	1
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>

Die aanhoudingsperiode verskil aanmerklik by die verskillende oortreders. Dit blyk uit onderstaande tabel dat die meeste (40.4%) van die oortreders tussen 25 en 34 maande in die inrigting was.

TABEL 50: DIE TYDPERK DEUR DIE OORTREDERS IN DIE VERBETERINGSKOOL DEURGEBRING

Maande	Persentasie	Getal
0 - 14	4.6	25
15 - 24	17.1	93
25 - 34	40.4	220
35 - 44	19.1	104
45 en meer	18.8	102
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>544</b>

Dit blyk uit tabel 51 dat meer as die helfte (54.0 %) van die oortreders by verlating van die inrigting reeds 20 jaar of ouer was.

TABEL 51: DIE OUDERDOM VAN DIE OORTREDERS BY FINALE VERLATING VAN DIE VERBETERINGSKOOL

Ouderdom	Persentasie	Getal
Onder 17	3.3	18
17	7.4	40
18	14.2	77
19	21.1	115
20	25.2	137
21	17.6	96
22 en ouer	11.2	61
Totaal	100.0	544

## 7. SAMEVATTING

Ongeveer 'n kwart (25.1%) van die oortreders was met verwysing na die verbeteringskool jonger as 17 jaar terwyl die res 17 jaar of ouer was.

Beoordeling van algemene gedrag, ambags- en skoolvordering dui daarop dat die gedrag van 24.3 persent goed was, terwyl ambags- en skoolvordering by 14.9 en 9.6 persent onderskeidelik goed was. Terwyl die gedrag van 22.2 persent as swak beoordeel is, is die persentasies wat swak in die werkwinkel en skool gevorder het, 23.3 en 33.3 persent onderskeidelik. Volgens hierdie beoordeling vertoon skoolvordering dus die swakste. Ten spyte hiervan, slaag die inrigting tog daarin om die opvoedkundige kwalifikasies van die oortreders, gedurende die tydperk van aanhouding, aanmerklik op te skuif. Terwyl 36.8 persent van die oortreders by toelating selfs nie oor 'n st. VI-sertifikaat beskik het nie, het slegs 15.1 persent van die oortreders die inrigting sonder hierdie kwalifikasie verlaat.

Slegs 41.5 persent van die oortreders het net een of geen inrigtingsoortredings begaan nie. Die res het almal twee of meer oortredings begaan. Weglopery is die algemeenste vorm van inrigtingsoortredings en 55.1 persent van die oortreders het by een of meer geleenthede weggeloo - baie van hulle is nooit na die inrigting teruggebring nie. By slegs 44.7 persent van alle nie-finale ontsnappings, is die wegloper binne 'n week na die inrigting teruggebring.

Weglopers pleeg dikwels misdaad en dit is opvallend dat motordiefstal algemeen voorkom. Vir elke geval van nie-finale weglomp, is 1.03 oortredings (aanklagte) gedurende die tydperk in vryheid gepleeg.

Van die 544 oortreders, is 86 of 15.8 persent, voor finale verlating van die inrigting, met vergunning ontslaan, dog die vergunning is weer ingetrek en die oortreder is na die inrigting teruggebring. Elk van hierdie oortreders is, gedurende die vergunningstydperk, op gemiddeld 1.95 aanklagte skuldig bevind.

TABEL 51: DIE OUDERDOM VAN DIE OOR  
VAN DIE VERBETERINGSKOOL

Ouderdom	Persentasie	Tetal
Onder 17	3.3	18
17	7.4	40
18	14.2	77
19	21.1	115
20	25.2	137
21	17.6	96
22 en ouer	11.2	61
Totaal	100.0	544

## 7. SAMEVATTING

Ongeveer 'n kwart (25,1%) van die oortreders was met verwysing na d ringskool jonger as 17 jaar terwyl die res 17 jaar of ouer was.

Beoordeling van algemene gedrag, ambags- en skoolvordering dui daarop dat die gedrag van 24.3 persent goed was, terwyl ambags- en skoolvordering by 14.9 en 9.6 persent onderskeidelik goed was. Terwyl die gedrag van 22.2 persent as swak beoordeel is, is die persentasies wat swak in die werkwinkel en skool gevorder het, 23.3 en 33.3 persent onderskeidelik. Volgens hierdie beoordeling vertoon skoolvordering dus die swakste. Ten spyte hiervan, slaag die inrigting tog daarin om die opvoedkundige kwalifikasies van die oortreders, gedurende die tydperk van aanhouding, aanmerklik op te skuif. Terwyl 36.8 persent van die oortreders by toelating selfs nie oor 'n st. VI-sertifikaat beskik het nie, het slegs 15.1 persent van die oortreders die inrigting sonder hierdie kwalifikasie verlaat.

Slegs 41.5 persent van die oortreders het net een of geen inrigtingsoortredings begaan nie. Die res het almal twee of meer oortredings begaan. Wegloper is die algemeenste vorm van inrigtingsoortredings en 55.1 persent van die oortreders het by een of meer geleenthede weggeloop - baie van hulle is nooit na die inrigting teruggebring nie. By slegs 44.7 persent van alle nie-finale ontsnappings, is die wegloper binne 'n week na die inrigting teruggebring.

Weglopers pleeg dikwels misdaad en dit is opvallend dat motordiefstal algemeen voorkom. Vir elke geval van nie-finale wegloop, is 1.03 oortredings (aanklagte) gedurende die tydperk in vryheid gepleeg.

Van die 544 oortreders, is 86 of 15.8 persent, voor finale verlating van die inrigting, met vergunning ontslaan, dog die vergunning is weer ingetrek en die oortreder is na die inrigting teruggebring. Elk van hierdie oortreders is, gedurende die vergunningstydperk, op gemiddeld 1.95 aanklagte skuldig bevind.



Die meeste (67.6%) van die oortreders het die inrigting finaal met vergunning verlaat. Ongeveer 'n kwart (23.3%) het weggeloop. Ongeveer driekwart (76.6%) van die oortreders was vanaf 15 tot 44 maande in die inrigting. By ontslag was die meeste (54.0%) van die oortreders reeds 20 jaar of ouer.

## HOOFSTUK 8

### SUKSES EN MISLUKKING VAN DIE OORTREDERS NA VERLATING VAN DIE INRIGTING

In die voorgaande hoofstukke is onder andere 'n aanduiding gegee van die agtergrond en gedrag van die jeugoortreders totdat hulle in die verbeteringskool opgeneem is. In hierdie hoofstuk word gewys op die sukses en mislukking van die oortreders nadat die verbeteringskool verlaat is. Sukses en mislukking is relatiewe begrippe en daarom is kriteria opgestel wat hierdie begrippe, vir die doel van die ondersoek, noukeurig omskryf. Hierdie kriteria is noodwendig deur praktiese oorwegings beïnvloed. Dit was onder andere nie moontlik om die oortreders, nadat hulle reeds vir 6 tot 13 jaar die inrigting verlaat het, persoonlik te besoek nie.

#### 1. BEPERKINGS EN VRAAGSTUKKE BY DIE OPSTEL VAN KRITERIA VAN SUKSES EN MISLUKKING

By die opstel van kriteria van sukses en mislukking, is daar sekere praktiese en teoretiese beperkings en vraagstukke wat aandag regverdig. Onderzoekers wys gewoonlik op die invloed van praktiese probleme by die formulering van kriteria dog skenk weinig aandag aan sekere teoretiese probleme wat noodwendig opduik.

Eerstens moet die kriteria rekening hou met die fasiliteite waaroor die ondersoeker beskik. Die Gluecks, met behulp van 'n span opgeleide navorsers wat oudverbeteringskoolleerlinge moes opspoor en dan aan die opgestelde kriteria toets, kon met die fasiliteite tot hulle beskikking, van 'n omvattende reeks van kriteria gebruik maak. In die fase van algehele vryheid het hulle dan ook elke geval getoets aan kriteria van algemene sukses en mislukking, inskakeling in die beroepslewe, aanpassing in die gesinslewe, volgens vermoë om in ekonomiese behoeftes te voorsien en in die besteding van vrye tyd (8, bl. 182-223). Alhoewel dergelike kriteria miskien naby die ideaal kom, kon dit nooit sedertdien geëwenaar word nie. Die meeste opvolgstudies, soos ook die huidige, kon slegs gebruik maak van een eenvoudige basiese kriterium, naamlik of die individu weer, binne 'n gegewe tyd na verlatting van die verbeteringskool, in botsing met die gereg was al dan nie.

Tweedens moet daar bepaal word welke minimum tydperk moet verloop sedert die gevalle die verbeteringskool verlaat het, alvorens hulle aan die kriteria getoets kan word. Hierdie tydperk is ook 'n deel van die kriteria. Dit is duidelik dat kriteria wat vir 'n opvolgtydperk van twee jaar voorsiening maak, minder mislukking sal onderskei as die kriteria wat vir 'n opvolgtydperk van vyf jaar voorsiening maak.

Dit wil voorkom asof 'n minimum opvolgtydperk van vyf jaar die algemeenste in gebruik is. Die Gluecks het die eerste fase van hulle bekende opvolgstudie deurgevoer vyf jaar na die verstryking van die parooltydperk (8, bl. 311).

Die New York State Division of Parole het in 'n ondersoek wat voor die Tweede Wêreldoorlog deurgevoer is, ook 'n dergelike tydperk laat verloop (20, bl. 679), en dit geld ook vir die twee ondersoeke wat onderskeidelik deur Bowler en Bloodgood (11, bl. 371) en S.B. Zuckerman, A.J. Barron en H.B. Whittier (26, bl. 623) gedoen is. Laasgenoemde skrywers verklaar in hulle verslag dat: „support for the relative adequacy of the five year follow-up period for this type of longitudinal research appeared to be reflected in the fact that of the entire group, only 8 individuals (2.3%) who committed an offence following their release, did so for the first time more than five years after leaving the institution" (26, bl. 626).

Korter opvolgtydperke is deur die volgende navorsers gebruik: D.J. Steenkamp met 'n tydperk van ten minste twee jaar (15, bl. 168) en die New York State Division of Parole, in 'n ondersoek wat na afloop van die Tweede Wêreldoorlog deurgevoer is, met 'n gemiddelde tydperk van  $4\frac{1}{2}$  jaar in vryheid (26, bl. 627).

In die geval van die huidige ondersoek is daar op 'n opvolgperiode van 5 jaar na die finale verlating van die inrigting besluit. Hierdie opvolgperiode is, geoordeel na tabel 55 (hoofstuk 9), voldoende. Dit blyk dat die meeste residivisme binne 'n jaar na verlating van die inrigting voorkom en dat daar, in die laaste jaar van die opvolgperiode, slegs 'n geringe persentasie van die oortreders vir die eerste keer in die misdaad terugval.

Derdens is daar, waar die kriteria slegs op die misdaadrekord gebaseer kan word, sekere vraagstukke wat betrekking het op die aantal en die erns van die oortredings wat in die opvolgperiode gepleeg is. Waar geen oortredings op die misdaadrekord voorkom nie, het ons duidelik met 'n sukses te doen en waar dit uit die rekord blyk dat die oortreder dikwels oortree het, met 'n mislukking. Die vraag is egter waar 'n geval geklassifiseer moet word wat byvoorbeeld by een geleentheid voor die hof was as gevolg van een of twee oortredings van 'n tegniese aard, of waar die geval selfs 'n vry ernstige oortreding gepleeg het dog nie gevangenisstraf ontvang het nie en dus gedurende die volle tydperk van 5 jaar in vryheid verkeer het terwyl hy slegs by een geleentheid voor die hof was. Die Gluecks het in hulle ondersoeke ook 'n tussengroep onderskei, dit wil sê, gevalle wat nie as suksesse óf mislukkings geklassifiseer is nie. Gevalle wat in die periode nadat toesig verstryk het, vir nie meer as twee kleiner misdade gevonnissen is, of gearresteer is vir nie meer as drie kleiner misdade nie, is by hierdie groep ingesluit. In die geval van tegniese en verkeersoortredings en dronkenskap is daar selfs vyf oortredings toegelaat (8, bl. 188-189).

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar besluit om ook 'n tussengroep te onderskei. (Kyk Kriteria 3(a), (b) en (c) op bl. 68-69.)

'n Verdere probleem word geskep deur die feit dat oortreders soms, onmiddellik na ontslag uit die inrigting, oortree dog nadat hulle die opgelegde straf ontvang of uitgedien het, nie weer verder oortree nie. 'n Beampte van die Diepkloof-verbeteringskool het hierdie moontlikheid onder die aandag van die ondersoeker gebring en het daaraan toegevoeg dat, wat Bantoe-jeugoortreders betref, sommige

uitstaande suksesse in hierdie kategorie val. Die vraag is hier of die verbetering-skoolbehandeling eintlik die krediet vir die staking van die misdaadloopbaan, onmiddellik nadat die een oortreding na uitplasing voorgekom het, moet kry en of dit aan die straf wat die oortreder by die laaste geleentheid opgelê is, toegeskryf moet word. Ook hierdie gevalle is in die huidige ondersoek geïsoleer dog dit het selde voorgekom. Waar dit wél voorgekom het, was die meeste gevalle klassifiseerbaar in een van die ander kategorieë (kyk kriterium 3(d) op bls. 69).

## 2. DIE KRITERIA

Van die 544 gevalle wat by die ondersoek betrokke is, kon die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro die ondersoeker van die misdaadrekords van 521 voorsien terwyl daar by 23, as gevolg van onvolledigheid van die gegewens of die feit dat daar wel geen rekord was nie, geen rekord voorsien word nie.

In die geval van die 521 oortreders waar misdaadrekords beskikbaar was, kon 519 op grond van hierdie rekords as suksesse of mislukkings geklassifiseer word. Alhoewel die rekords van die orige twee gevalle geen misdaad in die opvolgtydperk toon nie, kon hierdie gevalle nie as suksesse geklassifiseer word nie, vanweë die feit dat een kort na uitplasing oorlede is en een uit die verbeteringskool na 'n inrigting vir psigotiese gevalle oorgeplaas is.

Van die 23 gevalle waarvan geen rekords verkry is nie, is vyf as moontlike suksesse geklassifiseer op grond van die feit dat gereelde proefbeampteverslae daarop dui dat aanpassing vir ten minste twee jaar bevredigend was en dat geen misdaad voorgekom het nie. Die ondersoek toon aan dat byna 80 persent van die oortreders wat binne die opvolgtydperk in die misdaad teruggeval het, vir die eerste keer teruggeval het binne die tydperk van twee jaar en die kans dat hierdie gevalle dus kon terugval, is betreklik gering. Die feit dat geen misdaadrekord te vinde was nie, vergroot die moontlikheid verder dat daar wel geen misdaad was nie.

Een verdere geval, waarvan ook geen rekord beskikbaar was nie, is by die mislukkings gereken aangesien die proefbeampte berig het dat hy hom aan ernstige misdade skuldig gemaak het. Die oorblywende 17 gevalle, waarvan niks na verlating bekend is nie of waar proefbeampteverslae nie getuig van bevredigende aanpassing oor die tydperk van 24 maande nie, is as ongeklassifiseer bestempel (tesame met die 2 gevalle hierbo genoem waarvan die rekord wel gevind is maar waarvan een oorlede is en die ander een weens 'n psigose na 'n inrigting vir sielsiekes oorgeplaas is.)

In meer as 95 persent van die gevalle berus die kriteria dus op die misdaadrekord.

Die kriteria is soos volg:

1. SUKSESSE:

Gevalle wat vir 'n tydperk van 5 jaar na finale verlating van die inrigting, volgens die misdaadrekord, op geen enkele aanklag skuldig bevind is nie.

2. MOONTLIKE SUKSESSE:

Gevalle waarvoor geen misdaadrekord opgespoor is nie maar wat, volgens proefbeampte-verslae, vir 'n tydperk van 24 maande uit die opvolgtydperk van 5 jaar na ontslag, goed aangepas het en geen misdaad gepleeg het nie.

3. GEDEELTELIKE SUKSESSE OF GEDEELTELIKE MISLUKKINGS:

Gevalle wat wel oortree het maar by wie die intensiteit van die misdaad betreklik gering was en die misdaad gewoonlik van 'n minder ernstige aard was.

Die volgende subklasse word onderskei:

- (a) die groep wat slegs by een geleentheid voor die hof was weens nie meer as twee tegniese oortredings<sup>1)</sup> nie en wat, indien gevangenisstraf opgelê is, vir 'n tydperk van minstens 4½ jaar uit die 5 jaar in vryheid verkeer het, <sup>2)</sup>
- (b) die groep wat slegs by een geleentheid voor die hof was weens nie meer as twee oortredings wat nie van tegniese aard was nie en wat slegs houe of 'n opgeskorte of uitgestelde vonnis of 'n waarskuwing ontvang het en wat dus vir die hele opvolgtydperk in vryheid verkeer het en
- (c) die groep wat slegs by een geleentheid voor die hof was weens nie meer as twee oortredings wat van ernstiger aard is as dié wat hierbo by 3(a) genoem is <sup>3)</sup> en waarvoor 'n keusestraf, naamlik boete of gevangenisstraf opgelê is met dien verstande dat die

69/....

- 
- 1) Tegniese oortredings is gereken as oortredings wat geen of weinig misdadige opset openbaar, soos byvoorbeeld dronkenskap, rusverstoring, verkeersoortredings en die nalating om militêre parades by te woon.
  - 2) Die moontlikheid van strafvermindering is nie in berekening gebring nie.
  - 3) Alhoewel die misdaad in 'n nie-wetlike sin miskien ernstiger is as by dié onder 3(a) genoem, kan die meer tegniese oortredings swaarder gestraf word en om hierdie rede is gevangenisstraf tot 6 maande by 3(a) toegelaat teenoor 2 maande by 3(c).

alternatief van gevangenisstraf nie meer as 2 maande sal wees nie<sup>1)</sup> met die gevolg dat hierdie groep dus, vir ten minste 4 jaar en 10 maande, in vryheid verkeer het,

- (d) die groep wat onmiddellik na uitplasing weer oortree het en voor die hof was weens een of meer oortredings met dien verstande dat geen oortredings in die laaste 4 jaar van die opvolgtydperk voorgekom het nie en dat die oortreder, gedurende hierdie laaste 4 jaar, in vryheid verkeer het. Waar 'n geval in hierdie kategorie val, en ook by afdelings 3(a), 3(b) of 3(c) hierbo klassifiseerbaar is, is dit by voorgenoemde kategorieë geklassifiseer en nie by 3(d) nie.

4. MISLUKKINGS:

Gevalle wat in die opvolgperiode een of meermale oortree het en weens die aantal verskynings voor die hof, of aanklagte waarop hulle tereg moes staan, of weens die duur van gevangenisstraf wat opgelê is, of weens die stadium na vrylating waarop die straf opgelê is, nie onder kriteria 3(a), 3(b) of 3(c) hierbo genoem, klassifiseerbaar is nie.

5. ONGEKLASSIFISEERD:

Gevalle wat na verlating van die inrigting oorlede is alvorens die misdaadrekord so daar uitgesien het dat verwysing tot 'n klas moontlik was<sup>2)</sup>; gevalle wat direk uit die verbeteringskool weens psigoses na 'n inrigting vir sielsiekes oorgeplaas is en geen rekord van misdaad vir die opvolgtydperk het nie en gevalle waarvoor geen misdaadrekord beskikbaar is nie, asook geen proefbe-ampteverslae wat getuig van bevredigende aanpassing vir 'n tydperk van minstens 2 jaar na verlating van die inrigting nie.

70/.....

- 
- 1) 'n Leemte in die kriteria is die feit dat die straf wat opgelê word, deur die rekord van vorige oortredings, asook ander oorwegings, beïnvloed word. Twee gevalle kon dus, vir identiese misdade, heel verskillend gestraf word. Die hoofsaak was egter om die groep te isoleer wat vir die hele, of feitlik die hele tydperk in vryheid verkeer het en by slegs een geleentheid voor die hof was.
- 2) Twee gevalle is in die opvolgperiode oorlede nadat etlike oortredings gepleeg is wat genoegsaam was om hulle as mislukkings te klassifiseer. Een verdere geval is oorlede kort na verlating van die inrigting sonder dat daar oortredings op die rekord voorkom. Hierdie geval is by dié klas geplaas en, omdat misdaad later wel kon voorgekom het, nie by die „suksesse" nie.

Die indeling van oortreders volgens die basiese kriteria, word slegs by tabelle 52 en 53 gebruik. Om die vergelykende ontleding wat in hoofstuk 10 voorkom nie onnodig te kompliseer nie, word die basiese kriteria saamgegroeper om slegs drie groepe te vorm, naamlik die suksesse (kriteria nrs. 1 en 2), die mislukkings (kriteria nrs. 3 en 4) en die onbekendes (kriterium 5).

Nadat die Gluecks hulle kriteria van sukses, gedeeltelike mislukking en mislukking geformuleer het, maak hulle die volgende opmerking: "There may very legitimately be a difference of opinion in respect to the constituents of the above categories, although the internal evidence of the study strongly supports the usefulness of this categorization of offenders" (6, bl. 11). Hierdie opmerking geld ook vir die huidige ondersoek.

### 3. DIE BEVINDINGS IN DIE LIG VAN DIE KRITERIA

Die meeste van die 544 oortreders naamlik 60.1 persent, wat die inrigting op watter wyse ookal verlaat het, het blykens tabel 52, misluk. Hierteenoor was daar 25.4 persent suksesse terwyl 14.5 persent van die gevalle nie by bogenoemde twee groot klasse ingedeel kon word.

TABEL 52: SUKSES, MISLUKKING, ENS., BY DIE TOTALE GROEP JEUGOORTREDERS

Kriterium	Persentasie	Getal
1. Suksesse	25.4)	138)
	) 26.3	) 143 <sup>1)</sup>
2. Moontlike suksesse	0.9)	5)
3. Gedeeltelike suksesse of gedeeltelike mislukkings:		
Groep a)	1.5)	8)
)	)	)
Groep b)	4.4)	24)
)	)	)
Groep c)	3.5) 70.2	19) 382 <sup>1)</sup>
)	)	)
Groep d)	0.7)	4)
)	)	)
4. Mislukkings	60.1)	327)
5. Ongeklassifiseerd	3.5	19 <sup>1)</sup>
Totaal	100.0	544

71/....

<sup>1)</sup> Vir die ontleding van die „faktore" met sukses en mislukking, is 143 gevalle as suksesse, 382 as mislukkings en 19 as onseker beskou. Kyk hoofstuk 10 en bylaes 1, 2 en 3.

Die 25.4 persente suksesse word aanmerklik opgeskuif as die gevalle wat uit die inrigting weggeloop het, asook die gevalle wat weens verstryking van die aanhoudingsperiode van die bepalings van die Kinderwet onthef en sonder toesig in vryheid gestel is, buite rekening gelaat word.

As, soos in tabel 53, slegs diegene geneem word wat die inrigting met vergunning verlaat het, dit wil sê dié gevalle wat indien nodig nog langer aangehou kon word dog die inrigting bereid was om aan die vrye gemeenskap te waag, dan styg die persentasie suksesse na 32.6 persente terwyl die mislukkings tot 50.3 persente daal.

TABEL 53: BEOORDELING VOLGENS DIE KRITERIA VAN GEVALLE WAT DIE INRIGTING MET VERGUNNING FINAAL VERLAAT HET<sup>1)</sup>

Kriterium	Persentasie	Getal
1. Suksesse	32.6)	120)
	) 33.7	) 124
2. Moontlike suksesse	1.1)	4)
3. Gedeeltelike suksesse of gedeeltelike mislukkings:		
Groep a)	1.9)	7)
)	)	)
Groep b)	4.6)	17)
)	)	)
Groep c)	4.6) 62.2	17) 229
)	)	)
Groep d)	0.8)	3)
)	)	)
4. Mislukkings	50.3)	185)
5. Ongeklassifiseerd	4.1	15
Totaal	100.0	368

72/.....

1) Slegs diegene wat met vergunning uitgeplaas is, word hier in berekening gebring. Vir ander wyses waarop die inrigting verlaat kan word soos byvoorbeeld deur ontsnapping en oorplasing, kyk tabel 49 van hoofstuk 7, en tabel 10 van bylae 3.



Eintlik moet die inrigting beoordeel word volgens die gegewens in tabel 53 vervat. Die inrigting kan miskien verantwoordelik gehou word vir die feit dat sekere leerlinge wegloop dog die inrigting kan sekerlik nie verantwoordelik gehou word vir wat later met hierdie gevalle sal gebeur nie, aangesien die heropvoedingsproses nog nie voltooi was toe hulle weggegaan het nie en in sekere gevalle nog nie eers begin het nie.

#### 4. DIE BEVINDINGE VAN ANDER ONDERSOEKERS IN VERBAND MET SUKSES EN MISLUKKING NA VERBETERINGSKOOLBEHANDELING

Enkele bevindings in verband met die resultate van die behandeling van jeugoortreders in verbeteringskole kan genoem word. Dit is egter gevaarlik om die bevinding van verskillende ondersoekers met mekaar te vergelyk en veral as hierdie vergelyking die relatiewe doeltreffendheid van verskillende inrigtings of stelsels probeer bepaal. Eerstens verskil die kriteria van sukses en mislukking dikwels van ondersoek tot ondersoek en tweedens is daar 'n groot verskil tussen die mensemateriaal waarmee die verskillende inrigtings moet werk. In die V. S. A. is daar byvoorbeeld „reformatories“ wat oortreders opneem wat reeds etlike jare ouer is as wat in Suid-Afrika moontlik is en dan is daar weer „reformatories“ wat jeugdiges opneem wat in Suid-Afrika eerder in 'n nywerheidskool sou beland het.

Die Britse Borstal-stelsel maak op 'n hoë suksessyfer aanspraak, dog D. Taft verklaar soos volg: „The statement that nearly three-fifths released from the Borstals are not convicted within five years, conceals wide variations within the system and cannot be statistically compared with American experience“ (17, bl. 668).

Die bekendste en deeglikste opvolgstudies is deur die Gluecks gedoen. Hulle het bevind dat bykans 80 persent van die jeugoortreders wat in verbeteringskole behandeling ontvang het, weer na verlating van die inrigting met die gereg in botsing was (18, bl. 430). W.P. de Stephens verklaar dat die meeste ondersoekers vind dat tussen 56 en 80 persent van oortreders wat eenkeer in 'n inrigting was, weer oortree, maar vervolg dat ander ondersoekers, wat beslis in die minderheid is, hierdie persentasies weer vir suksesse gekry het (4, bl. 596). P.W. Tappan verklaar dat noukeurige ondersoekers toon dat tussen 65 en 85 persent van jeugdiges wat in nywerheidskole of verbeteringskole was, misluk (18, bl. 430).

Die enigste Suid-Afrikaanse ondersoek wat op die patroon van die huidige ondersoek deurgevoer is, is deur J.D. Venter van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem. Hierdie ondersoek toon dat 70.4 persent van 'n groep Bantoejeugoortreders wat behandeling aan die Diepkloofverbeteringskool ontvang het, binne vyf jaar na verlating van die inrigting weer met die gereg in botsing was (23, bl. 30). Die syfer toon 'n opvallende ooreenkoms met die residiviste wat vir die Blankes verkry is aangesien tabel 52 toon dat 70.2 persent van die Blanke oortreders weer binne 5 jaar na verlating van die inrigting met die gereg in botsing was.

## 5. SAMEVATTING

Volgens die kriteria wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is, was 26.3 persent van die oortreders na behandeling in die verbeteringskool suksesse, of moontlike suksesse, 10.1 persent was gedeeltelike suksesse (of gedeeltelike mislukkings) en 60.1 persent was mislukkings. Die kriteria kon nie op 'n verdere 3.5 persent van die gevalle toegepas word nie.

Indien slegs dié oortreders in aanmerking geneem word wat die inrigting met vergunning verlaat het, dan styg die persentasie suksesse en moontlike suksesse na 33.7 persent en die gedeeltelike suksesse na 11.9 persent. Die mislukkings kom dan slegs op 50.3 persent te staan.

Noukeurige ondersoeke in die V.S.A. toon dat tussen 65 en 85 persent van alle jeugdiges wat in nywerheidskole en verbeteringskole behandeling ontvang, weer met die gereg in botsing kom.

## HOOFSTUK 9

### DIE MISDAADPATROON VAN DIE RESIDIVISTE

In hierdie kort hoofstuk word kortliks gewys op die misdaadpatroon gedurende die vyfjaar opvolgperiode nadat die oortreder, op welke wyse ookal, die inrigting verlaat het. Geen oorsigtelike gegewens oor ander aspekte in die opvolgperiode was beskikbaar nie.

#### 1. DIE OMVANG VAN MISDAAD NA VERLATING VAN DIE VERBETERINGSKOOL

Van die 544 oortreders wat by die ondersoek ingesluit is, het 382 weer gedurende die opvolgperiode van 5 jaar in die misdaad teruggeval. (Kyk tabel 52 op bl. 70). Onderstaande tabel toon die omvang van die misdaad waarop die residiviste in die opvolgperiode skuldig bevind is.

TABEL 54: DIE OMVANG VAN MISDAAD VOLGENS AANKLAGTE EN DEELNAME BY 382 RESIDIVISTE

Misdad	Aanklagte											Deelname deur 382 residiviste	
	1	2	3	4	5-7	8-10	11-13	14-16	17-19	20-22	23+	Persentasie uit 382	Getal betrokke
Diefstal	100	50	26	23	31	8	5	2	1	-	1	64.7	247
Inbraak	64	26	17	10	19	6	1	-	1	1	-	38.0	145
Motordiefstal	75	39	20	7	12	1	1	-	-	-	-	40.6	155
Vervalsing en bedrog	19	12	6	1	5	1	-	2	-	-	2	12.6	48
Aanranding	17	8	1	-	-	-	-	-	-	-	-	6.8	26
Moord	2	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0.8	3
Roof	16	10	1	1	-	-	-	-	-	-	-	7.3	28
Seksoortredings	20	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	5.5	21
Daggarook	20	5	-	1	-	-	-	-	-	-	-	6.8	26
Dronkenskap	11	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3.1	12
Ander drankwet-oortredings	28	11	3	3	2	6	3	2	1	3	11	19.1	73
Manslag	3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0.8	3
Ander	88	36	13	13	7	3	-	-	-	-	-	41.9	160

Dit blyk, dat 64.7 persent van die residiviste hulle onder andere aan diefstal skuldig gemaak het, 38.0 persent onder andere aan inbraak en 41.9 persent aan ander portredings. Dit is opvallend dat 19.1 persent van die oortreders hulle onder andere aan drankwetoortredings, dit wil sê veral onwettige drankhandel, skuldig gemaak het. Dit blyk duidelik dat die meeste van die oortreders hulle aan meer as een vorm van misdaad skuldig gemaak het.

**2. DIE TYDPERK TUSSEN VERLATING VAN DIE INRIGTING EN DIE EERSTE SKULDIGBEVINDING NA ONTSLAG VOLGENS DIE KRITERIUMGROEPE VAN MISLUKKING EN GEDEELTELIKE SUKSES**

Tabel 55 toon dat 36.1 persent van die residiviste binne die eerste 6 maande na verlatting van die inrigting, in die misdaad teruggeval het. Dit blyk ook dat die mislukkings veel gouer as die gedeeltelike suksesse (of gedeeltelike mislukkings) in die misdaad teruggeval het.

**TABEL 55: DIE TYDPERK TUSSEN VERLATING VAN DIE INRIGTING EN DIE EERSTE SKULDIGBEVINDING IN DIE OPVOLGPERIODE BY DIE RESIDIVISTE VOLGENS DIE MISLUKKINGS EN GEDEELTELIKE SUKSESSE (OF GEDEELTELIKE MISLUKKINGS)**

Tydperk	Mislukkings		Gedeeltelike suksesse		Totaal	
	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal
Onder 6 maande	40.1	131	12.7	7	36.1	138
6 - 11	19.0	62	16.4	9	18.6	71
12 - 17	10.7	35	14.5	8	11.3	43
18 - 23	11.6	38	18.2	10	12.6	48
24 - 29	7.3	24	14.5	8	8.4	32
30 - 35	4.6	15	9.1	5	5.2	20
36 - 41	4.3	14	1.8	1	3.9	15
42 - 47	0.9	3	5.5	3	1.6	6
48 - 53	0.6	2	1.8	1	0.8	3
54 - 60	0.9	3	5.5	3	1.6	6
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>327</b>	<b>100.0</b>	<b>55</b>	<b>100.0</b>	<b>382</b>

**3. DIE TYDPERK TUSSEN VERLATING VAN DIE INRIGTING EN DIE EERSTE SKULDIGBEVINDING NA ONTSLAG VOLGENS DIE WYSE WAAROP DIE INRIGTING VERLAAT IS**

Die tydperk tussen verlatting van die inrigting en die eerste skuldigbevinding, ontleed volgens die wyse waarop die inrigting verlaat is, word in onderstaande tabel aangedui.

TABEL 56: DIE TYDPERK TUSSEN VERLATING VAN DIE INRIGTING EN DIE EERSTE SKULDIGBEVINDING IN DIE OPVOLGPERIODE VOLGENS DIE WYSE WAAROP DIE RESIDIVISTE DIE INRIGTING VERLAAT HET

Tydperk	Wyse van verlatting								Totaal	
	Met vergunning uitgeplaas		Weggelooop		„Onthef van die Kinderwet“		Oorgeplaas			
	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal
Onder 6 maande	22.3	51	60.2	71	42.3	11	55.6	5	36.1	138
6 - 11	21.8	50	12.7	15	19.2	5	11.1	1	18.6	71
12 - 17	11.4	26	11.0	13	15.4	4	-	-	11.3	43
18 - 23	15.3	35	6.8	8	11.5	3	22.2	2	12.6	48
24 - 29	11.8	27	2.5	3	7.7	2	-	-	8.4	32
30 - 35	7.0	16	3.4	4	-	-	-	-	5.2	20
36 - 41	5.7	13	1.7	2	-	-	-	-	3.9	15
42 - 47	1.7	4	0.8	1	3.8	1	-	-	1.6	6
48 - 53	0.9	2	-	-	-	-	11.1	1	0.8	3
54 - 60	2.2	5	0.8	1	-	-	-	-	1.6	6
<b>Totaal</b>	<b>100.0</b>	<b>229</b>	<b>100.0</b>	<b>118</b>	<b>100.0</b>	<b>26</b>	<b>100.0</b>	<b>9</b>	<b>100.0</b>	<b>382</b>

Dit blyk dat die terugval in die misdaad by die oortreders wat met vergunning uitgeplaas is, meer geleidelik verloop as by dié wat op ander wyses die inrigting verlaat het. Terwyl slegs 22.3 persent van die residiviste wat die inrigting met vergunning verlaat het gedurende die eerste ses maande na verlatting van die inrigting teruggeval het, is die ooreenstemmende persentasies by dié wat weggelooop het, wat die inrigting na verstryking van die toesigperiode verlaat het en diegene wat oorgeplaas is, onderskeidelik 60.2, 42.3 en 55.6 persent.

Die groter mate van weerstand teen misdaad wat die oortreders wat met vergunning uitgeplaas is, openbaar, kan eerstens toegeskryf word aan die feit dat hulle na verlatting van die inrigting na 'n goedgekeurde woning en buurt moet terugkeer en onder die toesig van 'n volkswelnsynbeampte geplaas word.

Die inrigting was verder bereid om hierdie groep van oortreders wat as 'n keurgroep beskou kan word, aan die vrye samelewing te waag, alhoewel hulle nog langer aangehou kon word.

Hierteenoor is die weglopers voortvluggend en sonder heenkome of toesig. Dikwels bied misdaad die enigste uitkoms vir hierdie gevalle. Geen toesig word ook uitgeoefen oor die gevalle wat tot aan die einde van hulle toesigperiode aangehou word en dan wetlik ontslaan moet word nie, aangesien hulle van die bepalings van die

Kinderwet onthef word. Die feit dat hierdie gevalle vir die maksimum periode aangehou word, is ook in baie gevalle aan wangedrag toe te skryf. Die getalle by die groepie gevalle wat na ander inrigtings oorgeplaas is, is te klein om afleidings te regverdig. Dit kan egter vermeld word dat twee van die vyf gevalle wat binne die eerste ses maande na verlating van die inrigting skuldig bevind is, direk deur die inrigting aan die polisie vir vervolging op kriminele aanklagte oorhandig is.

#### 4. SAMEVATTING

Na verlating van die inrigting het 382 van die oortreders weer oortree. Van hierdie oortreders het 64.7 persent, onder andere, diefstal, 38.0 persent inbraak, 40.6 persent motordiefstal, 19.1 persent drankwetoortredings en 41.9 persent oortredings wat as „ander“ geklassifiseer is, gepleeg.

Meer as een derde (36.1%) van die residiviste het binne die eerste ses maande na verlating van die inrigting in die misdaad teruggeval: Die residiviste wat as mislukkings geklassifiseer is, het veel gouer in die misdaad teruggeval as daardie wat as gedeeltelike suksesse geklassifiseer is. Dit is opvallend dat die residiviste wat met vergunning uitgeplaas is, meer geleidelik teruggeval het as diegene wat uit die inrigting weggeloop het.

## HOOFSTUK 10

### DIE VERBAND TUSSEN DIE FAKTORE <sup>1)</sup> EN SUKSES EN MISLUKKING

In die vorige hoofstukke is daar op sekere pertinente „faktore“ in die lewe van die jeugoortreder, tot op die stadium waarop hy die inrigting verlaat, gewys. In hierdie slothoofstuk word daar gewys op welke van die faktore met sukses en mislukking verband toon. Dit word aanvaar dat indien die hipotese dat daar geen duidende verskil tussen die suksesse en die mislukkings ten opsigte van enige spesifieke faktor bestaan, gestaaf word, daar nie van verband sprake is nie. Word die hipotese verwerp, en is daar dus wel 'n duidende verskil, dan is daar wél moontlik van 'n verband sprake. Die chi-kwadraattoets is gebruik om duidende verskil, of geen duidende verskil, aan te toon.

Sekere praktiese probleme het in verband met die gebruikmaking van die chi-kwadraattoets ontstaan. Hierdie probleme, en die tegniek wat gebruik is om dit te oorbrug, word in bylae 1 bespreek. In bylae 2 verskyn 'n samevatting van die berekenings in verband met die chi-kwadraattoets. Vir 'n gewone persentasieverdeling van die verskillende faktore volgens sukses en mislukking, word daar na bylae 3 verwys.

#### 1. FAKTORE WAT MET SUKSES EN MISLUKKINGS VERBAND TOON

Tabel 58 toon welke van die faktore wél met sukses en mislukking verband toon.

79/.....

---

1) Met faktore word bedoel die sosiale agtergrond en die persoonlike eienskappe van die oortreder sowel as die omstandighede waarin hy homself bevind het totdat hy die verbeteringskool verlaat het; met ander woorde, die verskillende aspekte in verband met die jeugoortreders wat in die vorige hoofstukke ontleed is.

TABEL 58: DIE FAKTORE WAT MET SUKSES EN MISLUKKING VERBAND TOON<sup>1)</sup>

Groepering	Tabelnommer volgens bylaes 2 en 3	Faktor
A		
Die huislike agtergrond, die ouers en die buurt	1	Die gehalte van die buurt
B		
Die oortreder self: Persoonlike eienskappe, behandeling, straf, misdaad, ens.	2	Die gehalte werker
C		
Die oortreder in die verbeteringskool	3	Beoordeling van gedrag aan die inrigting
	4	Ambagsvordering in die inrigting
	5	Skoolvordering in die inrigting
	6	Die getal inrigtingsoortredings
	7	Die getal kere weggeloop
	8	Die tydperk in die inrigting deurgebring
	9	Die ouderdom by verlatting van die inrigting
	10	Die wyse waarop die inrigting verlaat is

Dit is opvallend dat, benewens in geval van die gehalte van die buurt, geen van die faktore soos die sedelike en ekonomiese status van die tuiste met sukses en mislukking verband vertoon nie. Alhoewel dit algemeen aanvaar word dat hierdie faktore 'n misdaadveroorsoekende werking kan hê, is dit blykbaar van mindere belang by die aanpassing van die oortreder nadat hy in die verbeteringskool behandeling ontvang het. In baie gevalle is hierdie bevinding nie vreemd nie, aangesien die oortreder blykbaar in 'n mindere mate deur die huislike omstandighede tot misdaad gebring is en in ander gevalle het daar weer 'n tydperk van etlike jare ver-  
80/.....

<sup>1)</sup> By hierdie tabel was daar dus 'n duidende verskil tussen die suksesse en mislukkings ten opsigte van die faktore wat genoem word. Duidende verskil is met behulp van die chi-kwadraattoets bepaal en die 5 persent-waarskynlikheidsvlak is gebruik. Dit geld ook vir tabelle 59 en 60.



loop tussen die verlating van die ouertuiste en die verlating van die inrigting. Dit wil egter nie sê dat daar wel geen verband tussen die huislike milieu en latere sukses en mislukking bestaan nie. Dit is wel moontlik dat meer subtiele invloede, invloede wat moeilik meetbaar is en nie in die huidige studie ontleed is nie - wel die persoonlikheid so kan vorm dat die vatbaarheid vir behandeling daardeur geaf-fekter kan word.

Die feit dat verband wél tussen sukses en mislukking en die gehalte van die buurt gevind is, kan moontlik aan die volgende toegeskryf word:

1. Oortreders uit swak buurtes keer na behandeling in die verbeteringskool meesal terug na die ouers, vriende en gewoontes van die swak buurt waar die kans om te verval groter is as in die goeie buurt.
2. Oortreders uit swak buurtes is waarskynlik die gehardste oortreders en dus ook die moeilikste rehabiliteerbaar. Dikwels is hierdie oortreders so deur die misdadige subkultuur van die buurt beïnvloed dat daar selfs sprake van „misdadige superegovorming" is. Om dergelyke vasgewortelde houdings te wysig, is 'n uiters moeilike taak.

Wat die meer persoonlike eienskappe van die oortreder betref, is gevind dat die gehalte werker wat die oortreder voor opname in die inrigting was, met sukses en mislukking verband het. Die verklaring hiervoor is dat die goeie werker voor verwysing na die verbeteringskool ook waarskynlik 'n goeie werker na verlating van die inrigting sal wees, en dat die goeie werker hom makliker by die gemeenskap sal inskakel en in elk geval veel beter in sy ekonomiese behoeftes sal kan voorsien as die lui en willose tipes wat nie bestendig kan werk nie en gou in ekonomiese nood verkeer. Dit is opvallend dat J. D. Venter, in sy ondersoek na sukses en mislukking by die Bantoejeugoortreder, ook vind dat hierdie faktor met sukses en mislukking verband toon (23, bl. 51).

Die faktore wat in tabel 58 as faktore van die aanhoudingstydperk van die oortreder in die verbeteringskool geklassifiseer is, toon in veel meer gevalle verband. Hierdie faktore hou veral verband met die vordering en gedrag van die oortreder in die verbeteringskool en dit blyk dat diegene wat van goeie gedrag is en goeie vordering met die opleidingsprogram maak, 'n beter kans het om te rehabiliteer as diegene wat dissiplinêre probleme oplewer en nie kan of wil baat by die opleidings-program nie.

Van verdere belang is die verband tussen sukses en mislukking en die tydperk wat in die inrigting deurgebring is en die ouderdom waarop die inrigting finaal verlaat is.

'n Verklaring hiervoor is dat dié oortreders wat hulle goed gedra en goed vorder, oor die algemeen veel vroeër die inrigting kan verlaat as dié waarvan die vordering en gedrag swak is. Aangesien daar reeds op gewys is dat die oortreders waarvan

die inrigtingsgedrag en vordering goed is, ma dat diegene wat die inrigting betreklik gou verlaat ook die meeste suksesse sal insluit.

Die feit dat die leeftyd waarop die oortreder die inrigting verlaat, verband hou met sukses en mislukking, hang ook saam met die lengte van die aanhoudingstermyn. Alhoewel dit verwag kan word dat hoe ouer 'n oortreder by toetrede tot die verbeteringskool is, hoe vaster sy anti-sosiale gewoontes gewortel sal wees en hoe moeiliker rehabilitasie bewerkstellig sal kan word, toon die ouderdom by toelating en sukses en mislukking geen verband nie.

Van besondere betekenis is die feit dat daar 'n verband tussen sukses en mislukking en die wyse waarop die inrigting verlaat is, gevind is. Tabel 10 in bylae 3 toon duidelik dat die oortreders wat met vergunning uitgeplaas is 'n veel beter kans op sukses het as diegene wat die inrigting slegs nadat hulle van die bepaling van die Kinderwet onthef is, verlaat het en veral 'n veel beter kans op sukses het as diegene wat die inrigting finaal deur ontsnapping verlaat het. Van die 127 oortreders wat ontsnap het, was slegs 8 suksesse.

## 2. FAKTORE WAT GEEN VERBAND MET SUKSES EN MISLUKKINGS TOON NIE

In tabel 59 word die faktore wat geen verband met sukses en mislukking gehad het nie, aangetoon.

TABEL 59: FAKTORE WAT GEEN VERBAND MET SUKSES EN MISLUKKING TOON NIE

Groepering	Tabelnommer volgens bylaes 2 en 3	Faktor
A		
Die huislike agtergrond, die ouers en die buurt	11	Huistaal
	12	Kerkverband
	13	Gesinsgrootte
	14	Geboortेरangnommer
	15	Geboortestatus (Binne of buite-egtelik)
	16	Die oorsaak van onvolledigheid in die gesin
	17	Die ouderdom van die oortreder waarop gesinsonvolledigheid voorgekom het
	18	Die ekonomiese standaard van die gesin
	19	Alkoholisme by die vader
	20	Misdaad by die vader
	21	Onsedelikheid by die vader
	22	Onsedelikheid by die moeder
	23	Alkoholisme by die moeder
	24	Misdaad by die moeder
	25	Die woonplek van die ouers

B

Die oortreder self:	26	Die skoolstanderd geslaag voor toelating tot die verbeteringskool
Persoonlike eienskappe, behandeling, straf, misdaad, ens. (Voor toelating tot die verbeteringskool)	27	Intelligensiekwosiënt
	28	Beroepsarbeid al dan nie verrig voor opname
	29	Alkoholisme
	30	Daggarokery
	31	Onsedelikheid
	32	Stokkiesdraai
	33	Weglopery van die tuiste
	34	Onbeheerbaarheid tuis
	35	Ouderdom by die eerste opname in 'n inrigting
	36	Die omvang van weglopery uit die laaste inrigting waarin aangehou
	37	Ouderdom by die oortreder se eerste verskyning voor 'n jeughof
	38	Die tydperk tussen die eerste verskyning voor 'n jeughof en verwysing na die verbeteringskool
	39	Die misdadvorm (waar daar slegs een vorm is) wat tot verwysing na die verbeteringskool gelei het
	40	Die wyse van verwysing (bv. deur 'n vonnis van 'n hof, of deur oorplasing van 'n nywerheidskool)
	41	Die ouderdom by verwysing

---

C

Die oortreders in die verbeteringskool	42	Die intrekking van 'n vergunning wat deur 'n verdere aanhoudingsperiode gevolg is
	43	Die tydperk in vryheid by die finale ontsnapping
	44	Die skoolstanderd by verlatting van die inrigting

---

Dit blyk dat die faktore wat onder A en B in tabelle 58 en 59 gegroepeer is, met een uitsondering in beide groepe, geen verband met sukses en mislukking vertoon nie. Dit is egter opvallend dat faktore wat onder C in bogenoemde tabelle verskyn, in meer gevalle verband as geen verband toon nie.

In die geval van sommige van die faktore waar geen verband aangetref is nie, wys ander ondersoekers egter wel op verband, dog dit is nie altyd moontlik om te bepaal welke maatstaf vir die bepaling van verband gebruik is nie.

Enkele van hierdie bevindings kan aangehaal word:

1. M. Woodward verklaar dat dit wil voorkom asof 'n vergelyking tussen die intelligensie van eerste-oortreders en residiviste geen verskille aantoon nie. In die geval van opvolgstudies is dit egter bevind dat residiviste, in 'n baie beperkte mate, oor 'n swakker intelligensie beskik as daardie oortreders wat gerehabiliteer het (25, bl. 299). Geen verband tussen intelligensie en sukses en mislukking is in hierdie ondersoek aangetref nie. (Kyk tabel 27 in bylaes 2 en 3.)
2. Onderzoekers soos die Gluecks (6, bl. 90) en R. L. Jenkins, H.H. Hart, P.J. Sperling en S. Axelrad (10, bl. 43) vind dat hoe jonger 'n oortreder by sy eerste verskyning voor die hof is, hoe moeiliker hy later na inrigtingsbehandeling rehabiliteer. A.C. Schnur het ook tot hierdie gevolgtrekking gekom in sy ondersoek na volwasse misdadigers in gevangenis (14, bl. 38). Geen verband is in die huidige ondersoek gevind nie. (Kyk tabel 37 in bylaes 2 en 3.)
3. R. L. Jenkins en sy medewerkers het ook bevind dat oortreders uit die armste gesinne moeiliker rehabiliteer as die uit die meer bemiddelde gesinne (10, bl. 44). Ook hier is geen verband aangetref nie. (Kyk tabel 18 in bylaes 2 en 3.)

### 3. FAKTORE WAAR SELEKSIE 'N ROL SPEEL

Dit blyk uit bylae 2 dat die chi-kwadraattoets soms, waar die onseker-groep (onseker ten opsigte van sukses of mislukking) buite rekening gelaat word, verband toon. As die onseker groep egter in berekening gebring word (kyk bylae 1 vir die motivering van hierdie tegniek), dan word geen verband gevind nie. Die teenoor-gestelde kom ook voor waar faktore wat geen verband met sukses en mislukking toon nie, dan wél verband toon.

In hierdie gevalle is daar blykbaar seleksie by die onseker-groep (onseker ten opsigte van sukses of mislukking).

TABEL 60: FAKTORE WAT BLYKBAAR DEUR SELEKSIE BY DIE ONSEKER-GROEP (ONSEKER TEN OPSIGTE VAN SUKSES EN MISLUKKING) BEINVLOED WORD EN WAARVAN GEEN VERDERE AFLEIDINGS GEMAAK KAN WORD NIE

Groepering	Tabelpommer volgens bylaes 2 en 3	Faktore
A		
Die huislike agtergrond, die ouers en die buurt	45	Gesinsonvolledigheid
	46	Werkskuheid van die vader
B		
Die oortreder self: Persoonlike eienskappe, behandeling, straf, misdad, ens. (voor toelating tot die verbeteringskool)	47	Die getal verskynings voor die hof voor verwysing na die verbeteringskool (die verskyning wat tot verwysing gelei het, uitgesluit).
	48	Die getal inrigtings waarin aangehou voor toelating tot die verbeteringskool
C		
Die oortreder in die verbeteringskool	-	-

Dit kan vermeld word dat dit algemeen gevind word dat hoe meer verskynings 'n oortreder voor die hof gehad het, hoe moeiliker rehabilitasie bewerkstellig word. Alhoewel daar ook 'n verband in hierdie ondersoek tussen dié faktor en sukses en mislukking gevind is waar slegs die bekende verspreiding met mekaar getoets word, word geen verband aangetref waar die onseker-groep (ten opsigte van sukses en mislukking) ook in berekening gebring word nie. (Kyk ook tabel 47 in bylaes 2 en 3.)

#### 4. SAMEVATTING

Dit blyk dat faktore in die huislike agtergrond, die buite-huislike milieu en die meer persoonlike eienskappe en lotgevalle van die jeugoortreder (saamgevat onder groepeerings A en B in tabelle 58, 59 en 60), op enkele uitsonderings na, geen verband met sukses en mislukking toon nie. Wat vordering en gedrag in die verbeteringskool self betref, word egter by veel meer faktore verband aangetref. Ook die wyse waarop die inrigting verlaat word, toon verband. Dit blyk onder andere dat weglopers slegs 'n geringe kans het om nie weer met die gereg te bots nie. (Kyk ook tabel 10 in bylae 3.)

## BYLAE 1

### DIE BEPALING VAN VERBAND: PROBLEME EN DIE TEGNIEK

#### 1. DIE PROBLEEM

Gegewens ten opsigte van die agtergrond van 544 jeugoortreders wat in die Constantia-verbeteringskool behandeling ontvang het, tot op die stadium waarop die inrigting verlaat is, was beskikbaar en is in hoofstukke 3 tot 7 uiteengesit. In hoofstuk 8 is aangedui welke persentasie van die 544 oortreders as suksesse en welke persentasie as mislukkings geklassifiseer is.

Dit was nou nodig om aan te dui welke van die agtergrondsfaktore met sukses en mislukking verband toon. Soos reeds in hoofstuk 9 aangetoon, is 'n moontlike verband veronderstel waar die groepe van suksesse en mislukkings, ten opsigte van enige spesifieke agtergrondsfaktore, volgens die chi-kwadraattoets, duidend van mekaar verskil. Waar geen sodanige duidende verskil verkry is nie, is aanvaar dat daar geen verband bestaan nie.

Sekere probleme het in verband met die gebruikmaking van die chi-kwadraattoets opgeduik. So was daar tabelle waarin die getalle in die selle, nadat die gegewens in verband met die faktor volgens sukses en mislukking verdeel is, te klein vir die chi-kwadraatberekening was. Hierdie struikelblok is uit die weg geruim deur van die rye in die tabelle, waar dit nodig was, saam te voeg ten einde die getalle in die selle te vergroot. Samevoeging was veral moontlik in tabelle waarin klasintervalle voorkom en die klasintervalle is eenvoudig vergroot met die gevolg dat die rye verminder het. In die geval van enkele van die tabelle was samevoeging onlogies en is hierdie tabelle buite rekening gelaat.

Die tabelle, in die vorm waarin dit vir die chi-kwadraatberekening gebruik is, verskyn in bylae 3.

'n Verdere probleem is deur die onbekende gegewens opgelewer:

- (a) Eerstens was daar onbekende gegewens ten opsigte van die agtergrondsfaktore wat horisontaal in die tabelle van bylae 3 verskyn en wat voortaan die „onbekendes" genoem sal word;
- (b) tweedens was daar die gevalle, wat 'n totaal van 19 uit die 544 gevalle beloop, wat weens ontbrekende gegewens nie as suksesse of mislukkings geklassifiseer kan word nie en wat voortaan, ten einde verwarring te voorkom, die „onsekeres" genoem sal word.

## 2. DIE TEGNIEK

Eerstens moes daar in die geval van elke tabel wat in bylae 3 verskyn en waarin onbekendes voorgekom het, vasgestel word of die onbekendes duidend van die bekendes ten opsigte van sukses en mislukking verskil. Die groep onsekeres is voorlopig buite rekening gelaat. Die onbekendes is dus met die bekendes in 'n gewone  $2 \times 2$  tabel, ten opsigte van sukses en mislukking, met 'n chi-kwadraatberekening getoets. Indien daar wel, ten opsigte van enige van die faktore, 'n duidende verskil verkry sou word, sou geargumenteer kan word dat die onbekendes 'n geselekteerde groep was en dus ook die bekendes. Hierdie faktore sou dus buite rekening gelaat moes word aangesien geen verdere gevolgtrekkings geregverdig sou wees nie. Soos blyk uit kolom 2, van bylae 2 is daar nêrens 'n duidende verskil tussen die onbekendes en bekendes ten opsigte van sukses en mislukking aangetref nie. Indien die onbekendes dus nie in berekening gebring word nie, sal dit nie die gevolgtrekkings, indien daar slegs met die bekendes alleen gewerk word, aantas nie. Geen verdere aandag is dus aan die onbekendes gegee nie.

Die agtergrondsfaktore is vervolgens ten opsigte van sukses en mislukking met die bekende gegewens alleenlik getoets. Die onsekeres is weer voorlopig buite rekening gelaat. Die verkreeë waardes verskyn in kolom 3 van bylae 2 en daar word aangetoon in welke gevalle daar verband (duidende verskil) of in welke geval geen verband (geen verskil) voorgekom het.

Vervolgens moes die onseker-groep in berekening gebring word. Aangesien slegs 19 gevalle as onseker geklassifiseer is, en die selle na verspreiding volgens die verskillende faktore te klein is vir 'n soortgelyke tegniek as wat vir die onbekendes gevolg is, moes 'n ander plan beraam word.

